



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/ NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

**AFRIKAANS HUISTAAL V2**

**2022**

**NASIENRIGLYNE**

**PUNTE: 80**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 56 bladsye.**

**RIGLYNE VIR NASIENERS**

1. Indien 'n kandidaat meer as die verlangde getal vrae gedoen het, word net die eerste antwoord/respons nagesien. **(Die kandidate mag nie die opstelvraag en die kontekstuele vraag oor dieselfde genre beantwoord nie.)**

2. Indien 'n kandidaat in AFDELING A al vier vrae oor die gesiene gedigte beantwoord het, word die eerste twee gedigte se antwoorde nagesien.

3. Indien 'n kandidaat in AFDELING B en C twee kontekstuele vrae of twee literêre opstelle beantwoord het, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer. As 'n kandidaat al vier die vrae in AFDELING B en C beantwoord het, word die eerste antwoord in elke afdeling nagesien mits een kontekstuele vraag en een opstelvraag beantwoord is.

4. Indien 'n kandidaat twee antwoorde gee en die eerste antwoord is verkeerd, maar die tweede antwoord is reg, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer.

5. Indien antwoorde verkeerd genommer is, word die antwoorde volgens die nasienriglyne nagesien.

6. Taalfoute by kontekstuele vrae word nie gepenaliseer nie. As 'n spelfout die betekenis van die antwoord beïnvloed, word dit verkeerd gemerk. As die spelfout nie die betekenis van die antwoord beïnvloed nie, word dit as korrek beskou.

7. Opstelvrae:
   Indien die literêre opstel korter as die verlangde lengte is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie omdat hy/sy, hom-/haarself gepenaliseer het. As die literêre opstel te lank is, assesseer dit op meriete en bespreek dit met die senior nasiener. Die nasienriglyne is slegs 'n riglyn, daarom moet ander relevante inhoud as korrek beskou word. Gebruik die aangehegte rubrieke om die opstelvrae na te sien.

8. In 'n literêre opstel word argumente aangebied en ondersteun of illustreer deur na die teks te verwys.

9. Kontekstuele vrae:
   As 'n kandidaat nie aanhalingstekens gebruik waar 'n vraag dit vereis nie, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.

10. Vir oop vrae word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.

11. Geen punte word vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING toegeken nie. Die rede/ motivering/bewys verdien die punt.

12. **Moenie woorde nasien nie; sien betekenis na.**

13. Vir hierdie eksamen geld die volgende eksamenriglyne vir die opstelvraag:
    - Lees die opstelvraag die <u>eerste maal</u> en toon die reeks treffende argumente met die ooreenstemmende kode aan.
    - 'n Reeks treffende argumente is stellings wat met:
        - relevante verduidelikings gemotiveer word./
        - korrekte, gepaste aanhalings uit die roman/drama/gedig gemotiveer word./
        - geparafraseerde aanhalings uit die roman/drama/gedig gemotiveer word.
    - 'n Treffende argument is **nie** noodwendig in die formaat **punt, verduideliking én illustrasie nie.**
    - Lees die opstel 'n <u>tweede maal</u> om die struktuur en taal te assesseer. Taalfoute word met onderstreping aangedui.

    Die aantal kodes in die opstelvraag word **nie** getel om 'n bepaalde punt by inhoud toe te ken **nie**.

## AFDELING A: GEDIGTE

RBS

### VRAAG 1: LITERÊRE OPSTEL

### "Reaksie" – Vernon February

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte **ASSESSERINGSRUBRIEK VIR LITERÊRE OPSTEL – HUISTAAL: POËSIE** nagesien.

**LET WEL:**

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.
- Nasienriglyn by Vraag 1:
  - ❖ Vir uitsonderlike inhoud sal die kandidaat minstens 1 van elk aanbied, m.a.w. 1 beeldspraak, stylfiguur en retoriese middel.
  - ❖ Kandidaat hoef nie aan te dui dis 'n retoriese middel, beeldspraak of stylfiguur nie.
  - ❖ Kandidaat kan die aspekte in enige volgorde aanbied.

**ARGUMENTE WORD AANGEBIED EN ONDERSTEUN OF GEÏLLUSTREER DEUR NA DIE TEKS TE VERWYS.**

| ARGUMENT | ONDERSTEUNENDE bewys OF aanhaling/parafrase | |
|---|---|---|
| Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan. | | |
| **Retoriese middel** | | |
| **Die spreker gebruik herhaling om sy afkeer aan te toon.** | Ghwarrie se verandering word beklemtoon deur die herhaling van sy skynheilige, vroom gesig. | Versreël 9 en 20*: ... Sunday-go-to-meeting-face, ...* |
| | Ghwarrie verkondig die teorie van die Bybel, maar sy vriend bevraagteken die egtheid van Ghwarrie se optrede met die herhalende vraag wat verwys na eienskappe wat by die bekering pas. | Versreël 12: *... dis justice, love en tjêritie ...*<br>*Versreël 14: ... ma waa's daai love en tjêritie?* |
| **Die spreker herhaal retoriese vrae om sy sinisme oor Ghwarrie se veranderde leefwyse oor te dra.** | Die spreker bevraagteken met retoriese vrae die feit dat Ghwarrie hom by nuwe vriende skaar en sy neus optrek vir die tradisionele manier van doen. Hy kritiseer ook Ghwarrie se skynheiligheid en gebrek aan liefdesdade. | Versreël 3 en 4: *is tjy oek nou een van hul kring en vyand vannie hotnotsriel?*<br>Versreël 8 en 9: *ma aai, wa'om daai Sunday-go-to-meeting-face, ou Ghwarrie?*<br>Versreël 14: *ma waa's daai love en tjêritie?* |
| **Beeldspraak** | | |
| **'n Vergelyking word gebruik om aan te toon dat hy skielik anders praat.** | Ghwarrie praat skielik deftig/ aanstellerig/met 'n sedige stem wat die spreker nie aanstaan nie. | Versreël 10*: ... tjy praat mos nes daai seurtjie oppie draad, ...* |
| **'n Metafoor word gebruik om na Ghwarrie se nuwe vriende te verwys.** | Die gebruik van "kring" dui op die geslote groep waarbinne die bekeerdes hulle bevind. | Versreël 3: *is tjy nou oek een van hul kring ...* |

| | | |
|---|---|---|
| **'n Metafoor dui die drankgebruik aan.** | Die gebruik van "kan" dui aan dat dit nie 'n eenmalige drinksessie is nie. | Versreël 19: *Nei mattie, gee daai kan, ...* |
| **Sinekdogee word gebruik om sy skynheilige optrede uit te hef.** | Ghwarrie se gesig lyk soos iemand wat op 'n Sondag 'n spesiale gesig opsit wanneer hy kerk toe gaan. | Versreël 9 en 20*: ... Sunday-go-to-meeting-face, ...* |
| **Stylfigure:** | | |
| **Daar word op 'n ironiese wyse met Ghwarrie en sy bekering gespot.** | Die aanspreekvorm in versreël 16 skep die indruk dat Ghwarrie sy maat is, maar hulle is eintlik nie meer vriende nie. | Versreël 16: *... en wat kry tjy ou maat ...* |
| **Sinekdogee word gebruik om sy skynheilige optrede uit te hef.** | Ghwarrie se gesig lyk soos iemand wat op 'n Sondag 'n spesiale gesig opsit wanneer hy kerk toe gaan. | Versreël 9 en 20*: ... Sunday-go-to-meeting-face, ...* |
| **Sinekdogee word ook gebruik om die niebekeerde se drankmisbruik aan te dui.** | Die woord "kan" kan na 'n groot hoeveelheid drank verwys en nie net 'n eenmalige sopie nie. | Versreël 19: *Nei mattie, gee daai kan, ...* |
| **Die eufemistiese verwysing na die hel sluit aan by die kritiek wat die niebekeerde ontvang.** | Die woord "brand" sluit aan by die gedagte dat die niebekeerde in die hel gaan brand. Die bekeerdes probeer met hierdie beeld die niebekeerdes tot hulle geloof oortuig. | Versreël 13: *tjy sê my ek sil eendag brand ...* |
| **Kontras/antitese beklemtoon sy renons in die bekeerde Ghwarrie.** | Ghwarrie se skynheiligheid word beklemtoon deur die kontras tussen liefde en liefdadigheid wat hy, as bekeerde, behoort te bewys, terwyl die spreker meen dat presies die teenoorgestelde gebeur: hy kry net haat en beledigings. | Versreël 14: *... ma waa's daai love en tjêritie?*<br>Versreël 17: *... net hate en insults hier ...* |
| | Die bekeerde se houding is dat mense sonder "love en tjêritie" hel toe sal gaan – dit versterk die spreker se stelling dat sy vriend nie liefde uitstraal nie. | Versreël 13 en 14: ... *tjy sê my ek sil eendag brand ma waa's daai love en tjêritie?* |
| | Die spreker beklemtoon dat Ghwarrie hom soebat om hom ook te bekeer, maar hy stel dit baie duidelik dat hy nie deel van die kring wil wees nie./verkies om sy sondige lewe voort te sit. | Versreël 18 en 19: *Dan soebat tjy nog ek moet gloe Nei mattie, gee daai kan ...* |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | Die skynheilige lekepredi-ker/bekeerde word teenoor die reaksie van die eerlike, sondige spreker, wat drank wil gebruik, gestel. | Versreëls 20 en 21*: Hou tjy tjou Sunday-go-to-meeting face en ek my bottel jien.* | |
| Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan. | | | **[10]** |

## VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG

## "eerste worp" – TT Cloete

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 2.1 | "ons" ✓ | 1 |
| 2.2 | Die herhalende "nie" benadruk/hef uit wat Suid-Afrika nié het nie. ✓ | 1 |
| 2.3 | Die spreker wil die leser met die leestekens tot stilstand dwing om die gebrek aan bepaalde goed in Suidelike Afrika te besef./<br>Die tempo word vertraag ter wille van beklemtoning van wat ons nie het nie./<br>Die leestekens bevestig die finaliteit van wat Suid-Afrika nie het nie./<br>Die inligting in die afsonderlike versreëls word aangebied as 'n feit wat deur die leesteken uitgehef word.✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 2.4 | Ja<br>Die voorplasing/vooropplasing van/Die begin met "dun" ondersteun/versterk/sluit aan by die gedagte dat Suid-Afrika arm is aan kulturele rykdom./geskiedkundige groot name./skeppers./kunstenaars. ✓<br><br>**EN**<br><br>Die enjambement skakel "groot name" aan wêreldbekende kunstenaars se name as bewys/voorbeeld van die formaat kunstenaars wat Suid-Afrika juis nie het nie. ✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan*.<br>*Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.* | 1<br><br>1 |
| 2.5 | Dit veralgemeen die name./dui aan dis nie spesifieke name nie./suggereer dat daar nog baie soortgelyke name is./Dit pas by die aardsheid/ongereptheid van Afrika. ✓<br>Die gedig is 'n vrye vers./'n Vrye vers het geen hoofletters nie. ✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 1<br>1 |
| 2.6.1 | Die skepping (van alles wat bestaan). ✓ | 1 |
| 2.6.2 | "wêreldseinde" ✓<br><br>*Die kandidaat hoef nie die woord aan te haal nie.*<br><br>**EN**<br><br>"spotlag" versterk die gedagte dat die mens weerloos teen die hardheid/ primitiwiteit van Afrika is. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1<br><br>1 |
| | | **[10]** |

## VRAAG 3: KONTEKSTUELE VRAAG

## "besoekersboek" – Fanie Olivier

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 3.1 | "iemand" ✓ | 1 |
| 3.2 | Die spreker wil na die dubbelpunt sy/haar regstelling/verbeterde woordkeuse verduidelik./<br>Die verduideliking van wat die spreker wil regstel, volg. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 3.3 | Die (retoriese) vrae betrek die leser by die inhoud./laat die leser wonder oor die verganklikheid van die lewe./beklemtoon die gedagte dat daar nie antwoorde/oplossings vir hierdie kwessies is nie./Die (retoriese) vrae dui daarop dat die spreker self nuuskierig is./nie die antwoorde op hierdie vrae ken nie./Die (retoriese) vrae versterk die gedagte van die anonimiteit van die mens./dat mense nie meer werklik iets van ander mense weet nie. ✓<br><br>**EN**<br><br>Die herhalende (retoriese) vrae vestig die aandag op die hoeveelheid mense wat al probeer het om hulle teen sterflikheid te verskans./sosiale kwessies./ menseverhoudings./die anonimiteit van die mens./uniekheid van die mens se situasie. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1<br><br>1 |
| 3.4 | "ek" ✓<br><br>**EN**<br><br>Aanvanklik was die spreker slegs 'n waarnemende buitestander, maar nou tree die spreker op die voorgrond. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1<br><br>1 |
| 3.5 | Oksimoron ✓<br><br>**EN**<br><br>Ja<br>Dit/die teenwoordigheid van pyn/lyding/kortstondigheid van die lewe veroorsaak dat die spreker sy/haar naam in die besoekersboek aanteken./<br>Dit beïnvloed die spreker dat hy/sy probeer onsterflik wees deur sy/haar naam in die (figuurlike) besoekersboek te skryf. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br>*Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.* | 1<br><br>1 |

| | | |
|---|---|---|
| 3.6 | In reël 9 tot 12 word kruisrym/gekruisde rym aangetref, maar die rymsoort in die slotkoeplet is paarrym. ✓<br><br>**EN**<br><br>Dit is funksioneel, want dit versterk/beklemtoon/dui aan dat die kerngedagte van die gedig in die slotkoeplet voorkom. ✓ | 1<br><br><br><br>1 |
| | | **[10]** |

## VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG

## " 'n vigslyer sterf" – Vincent Oliphant

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 4.1 | 'n Waarnemende besoeker/buitestander/geliefde van die vigslyer/iemand wat teenwoordig is ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 4.2 | Metafoor ✓<br><br>**EN**<br><br>Die beeld is effektief, want die "takelwerk" verwys na die struktuur/liggaam van die sieke, net soos 'n boot 'n struktuur/takelwerk het wat alles bymekaarhou./<br>Die woord "afgetakel" versterk/sluit aan by die idee van takelwerk./is woordspeling.✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1<br><br><br><br>1 |
| 4.3 | Die a-assonansie versterk die gedagte van die langsame/stadige aftakelingsproses./dat die situasie somber/donker/uitsigloos is./dat die vigslyer ly/swaarkry as gevolg van die toenemende aftakeling. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 4.4 | Tersine/Terset ✓<br><br>**EN**<br><br>"bros"/<br>"dun"/<br>"brose" ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied enige TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 1<br><br><br><br>2 |
| 4.5 | Die eufemisme ("van sag gaan") maak die stemming somber./droewig./ hartseer./emosioneel gelaai. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 4.6 | Ja<br>Die vigslyer probeer self sy lyding verstaan./sin maak uit sy siektetoestand. ✓<br><br>Die vigslyer smag egter ook na begrip van die mense/samelewing om hom, in plaas van veroordeling./verstoting. ✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punte elk aan.*<br>*Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.* | 2 |
| | | **[10]** |

## VRAAG 5: KONTEKSTUELE VRAAG

## "Lied vir haar uitvaart" – Daniel Hugo

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 5.1 | "ma" ✓ | 1 |
| 5.2 | Die herhalende s-klanke is klanknabootsend van die bootjie op die water./<br>Dit het 'n strelende/veilige/rustige/sussende atmosfeer tot gevolg./<br>Vir 'n kind behoort dit gerusstellende teenwoordigheid (van sy ma/versorger) te beteken./<br>Dit ondersteun die spreker se ervaring van sy moeder wat op die maat van die liedjie gewieg het. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br><br>**EN**<br>Ja<br>Die woord "soetste" ondersteun die mooi/rustige/kosbare oomblik./<br>Dit versterk die atmosfeer./hef die rustigheid van die oomblik uit. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1<br><br><br>1 |
| 5.3 | "nou moet ek" ✓ | 1 |
| 5.4 | Tevredenheid/behaaglikheid/rustigheid/veiligheid/gekoesterdheid/kalmte ✓<br><br>**EN**<br><br>Ja<br>Die eufemisme/verwysing na die ma se dood verander die stemming na hartseer./weemoed./droefheid.<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>Die vaart/kammaland word positief/vertroostend aangebied. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1<br><br><br><br>1 |
| 5.5.1 | Metafoor ✓ | 1 |
| 5.5.2 | Ja<br>(In die land van die dood word niemand ouer nie./is daar jonkheid wat nooit vergaan nie.) ✓<br><br>*Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.* | 1 |
| 5.5.3 | "verbeel" ✓ | 1 |
| 5.6 | Die bootjie van papier sluit by die verganklikheid/nietigheid van die mens se lewe aan./beskerm jou nie teen die dood nie./Die bootjie van papier sluit aan by "kammaland"./die gedagte dat dit nie werklik so is nie. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| | | **[10]** |

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: ROMAN

Beantwoord EEN vraag.

### VRAAG 6: *DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – OPSTELVRAAG

**M/P/J**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

**LET WEL:**

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

**ARGUMENTE WORD AANGEBIED EN ONDERSTEUN OF GEÏLLUSTREER DEUR NA DIE TEKS TE VERWYS.**

| ARGUMENT | ONDERSTEUNENDE bewys OF aanhaling/parafrase | |
|---|---|---|
| Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan. | | |
| **Ma luister nie na Iris nie, wat veroorsaak dat sy grootword met die persepsie dat niemand na haar luister nie.** | Iris ervaar dikwels dat haar ma, veral, nie na haar luister nie. Gevolglik luister sy dikwels ook nie; sy doen haar eie ding, soos toe sy by dr. Anders gaan werk. | Bl. 18: *Dit was duidelik dat sy my weer eens nie gehoor het nie.*<br>Bl. 104: "*Mense luister nooit regtig na my nie. Veral nie my familie nie."* |
| | Iris sosialiseer nie werklik nie./verkies om alleen te wees. | Bl. 25: *Ek het nooit gelag nie en smiddae laat deur die tuin geloop en tob oor die sin van die wêreld en my plek in die groter bestel. Niemand het eens opgekyk nie, ...* |
| **Ma leef in haar eie droom-wêreld./verloor soms kontak met die buitewêreld en dit veroorsaak dat Iris ook so die werklikheid ontvlug.** | Iris volg haar ma se voorbeeld om ook so haar eie lewe te leef./skep daarom ook haar eie fantasieë. | Bl. 13: *Dis wat ek bedoel. Sy het my nie gehoor nie. Ek het haar maar gehelp ...*<br>Bl. 34: *... maar haar vertelling het weggewaai, verlore geraak in die volgende opmerking. Haar gedagtes, soos los drywende wolkies, was klaar weg, ...* |
| | Iris besluit om stories uit te dink./gesels met die Engel. | Bl. 19: "*Ek het die huis ingeloop en op my bed gaan lê om die volgende hoofstuk te skryf ..."*<br>Bl. 194: *Die Engel was sommer saam vir geselskap*. |
| **Ma laat toe dat Iris selfstandig/eksperimenteel/ individualisties grootword.** | Ma laat Iris toe om haar tande met as te borsel. | Bl. 15: *"Dis nie kampvuuras waarmee sy daar borsel nie."* |
| | Ma dwing Iris om haar eie probleme op te los./wil haar nie keer om Riekie tydens die eksamen te sien nie. | Bl. 18: *"Nee, my ding, waarom sou ons dit doen? Riekie is 'n gawe seun."* |

| | | |
|---|---|---|
| | Ma ondersteun haar toe sy besluit om by dr. Anders te gaan werk. | Bl. 41: *"Haai, darling," het Ma gesê. "Dis 'n uitstekende idee. Dan is jy nog naby ons."* |
| | Ma keur Iris se verhouding met Peter goed en sê hy sal mooi babas maak. | Bl. 51: S*y het oor haar leesbril na my geloer. " 'n Mooi man. Hy sal pragtige babas ..."* |
| **Ma moedig Iris aan om haar eie besluite te neem./haar nie deur ander mense se sienswyse te laat intimideer nie.** | Alhoewel Iris getwyfel het, besluit sy tog om haar eie ding te doen./gaan kuier vir Peter oorsee. | Bl. 13: *Sy was nie die soort mens wat by die volgende halte sou gaan sit en wag ... nie*.<br>Bl. 86: "*Ek is vyf en twintig jaar oud," het ek gesê. "Ek weet wat ek doen ..."*<br>Bl. 87: *Ek het haar omhels en my laaste goed ...* |
| **Ma se onkonvensionele manier van optrede/naïwiteit is ook by Iris te bespeur.** | Ma konfronteer die dief in die sitkamer sonder om bang te wees en net so is Iris goedgelowig in New York en praat met vreemdelinge./val vir die vuurhoutjieman se slenter. | Bl. 94: *"Ons is die rassiste," het ek behulpsaam genoem.*<br>*Dié keer het hy behoorlik uitgeswenk en stilgehou.* |
| **Ma aanvaar die lewe soos wat dit na haar toe kom en Iris ontwikkel stelselmatig ook hierdie lewensuitkyk.** | Ma gee nie om as Pa plaas toe gaan nie en stel so vir Iris die voorbeeld dat Iris makliker selfstandig/sonder Peter in New York kan funksioneer. | Bl. 98: *... het ek opgebeur toe ek deur die vuil venster uitkyk ... dit was soos 'n kraalmuur ... gevoel die vee is veilig vir die nag.* |
| | Iris leer om uiteindelik tevrede met haar alledaagse, geroetineerde lewe te wees. | Bl. 220: *Dit is nou laatsomer en ek en Johanna sit saam op ons kombuisstoeltjies in die hoek van die skadutuin*. |
| **Ma is nie inmengerig nie wat daartoe bydra dat Iris onafhanklik/selfstandig/vry-denkend kan optree.** | Sy maak haar dogters redelik liberaal groot en tob nie oor hul sedes nie – gaan haal selfs vir hulle swemhanddoeke. | Bl. 47: *Ma ... het teruggekom met twee handdoeke.*<br>Bl. 50: *"My ma loop nie en tob oor ons sedes nie."* |
| **Ma leer Iris om nie bevooroordeeld as gevolg van rasseverskille en af-koms teenoor mense te wees nie.** | Ma aanvaar Claude en Johanna as deel van die huisgesin en daarom ontstaan daar 'n gemaklike verhouding tussen Iris en Billy in Amerika terwyl sy vir Peter wag. | Bl. 103: "*Wat is jou naam?" het ek gevra omdat ek gevoel het 'n mens kan nie jou lewensfilosofie sit en verduidelik aan iemand wie se naam jy nie eers ken nie."*<br>Bl. 107: *"Ek weet nie hoekom nie," het hy gesê, "maar ek het die gevoel dat ons mekaar weer sal sien."* |

| | | |
|---|---|---|
| **Ma gaan bly tog by haar man op die plaas en stel so aan Iris die voorbeeld van hoe 'n vrou haar man moet ondersteun.** | Daaruit leer Iris dat sy ook vir Peter moet ondersteun toe hy 'n ongeluk met sy oë het. | Bl. 217: "Jy moet sterk wees, darling," het Ma gesê. |
| **Pa** | | |
| **Pa is 'n niekommunikatiewe karakter wat verder Iris se siening dat sy onbelangrik is, versterk.** | Iris word van jongs af geleer dat haar mening nie belangrik is nie en dit het haar gefrusteer en in haarself laat twyfel. | Bl. 20: *"Stil, Iris," het Pa kwaad gesê. "Jou susters veroorsaak meer as genoeg moeilikheid. Aan jou stuiwer het ons nie nou 'n behoefte nie."*<br>Bl. 34: *Dit was altyd dieselfde ou storie ... Ek was te jonk.*<br>Bl. 104: *"Mense luister nooit regtig na my nie. Veral nie my familie nie."* |
| | Iris kan haar verhouding met Frederik ook nie verder voer nie, want sy kan nie verduidelik hoe sy voel nie. | Bl. 79: *"Ek is nog nie gereed hiervoor nie," het ek preuts gesê.* |
| | Sy kommunikeer in New York nooit die modelkontrak behoorlik met Joe nie. | Bl. 131: *Voor ek iets kon sê en sonder dat ek regtig geweet het waarvan sy praat, het Joe geknik.* |
| **Ma en Pa** | | |
| **Die gebrekkige kommu-nikasie/wanverhouding tussen Ma en Pa versterk Iris se voorneme om nie eendag te trou nie.** | Pa kondig sommer net aan dat hy gaan boer sonder dat Ma daarvan weet en net so is daar 'n gebrek aan kommunikasie tussen Peter en Iris. | Bl. 73: *Nou het hy ons kort en kragtig vertel dat hy sy vennote uitgekoop het en van plan was om met beeste te boer.*<br>Bl. 39: *Toe ek ná die partytjie ... het ek my verwonder dat ek my maagdelikheid so vinnig ... aan Peter afgegee het.* |
| | Iris wil nie trou nie, aangesien sy bang is sy raak vasgevang in dieselfde gebrekkige kommuni-kasie as haar ouers. | Bl. 82: *Ek wou nie aan tafel sit, oorkant 'n mens wat nie meer na my luister nie.* |
| **Johanna** | | |
| **Sy neem die huishouding/ versorging van die kinders by Ma oor en dit word Iris se enigste verwysing na hoe 'n ma-figuur moet optree.** | Alhoewel Iris aanvanklik skrik-kerig vir Denise en Junior is, verbeter hulle verhouding. | Bl. 158: *Ek het hulle toegemaak en op die voorkop gesoen en besef dat ek dit nogal geniet het om huis-huis te speel met twee regte kinders.* |

| | | |
|---|---|---|
| **Johanna kommunikeer maklik met mense (omdat sy so reguit praat) en speel 'n belangrike rol in Iris se kommunikatiewe ontwikkeling.** | Iris leer om, soos Johanna, reguit met mense te kommunikeer. | Bl. 87: *Johanna was meer uitgesproke.* |
| | Iris gesels spontaner met vreemdelinge bv. Billy, Joe, die vuurhoutjieman, die vrou van Tequcigalpa/Honduras. | Bl. 92: *"As jy wil, sal ek foto's van jou neem," het hy aangebied.*<br>Bl. 111: *Ek het net 'n oomblik geweifel. "Honduras." Haar hele gesig het verander. Waar sy vantevore gespanne en haastig gelyk het, ... het sy oopgeblom.* |
| **Johanna maak Iris groot soos haar eie kind en gee so aan Iris 'n gevoel van geborgenheid./'n waardesisteem.** | Sy leer vir Iris dat sy omgee en haar lief het. | Bl. 87: *Dae lank al het sy deur die huis getrippel, droef en ineengedoke, haar gewone sofistikasie weg. "Nou's al drie my kinders weg," ..."Al my favourites foeter oor die see."* |
| | Dit gee vir Iris 'n mate van sekuriteit. | Bl. 87: *"Ag Iris," het sy gesug. "Jy blom elke dag vir ons."*<br>Bl. 87: *Ek het haar omhels ...* |
| | Iris beskou Johanna as haar ander ma. | Bl. 150: *Ek het self twee ma's gehad as ... Johanna bytel ...* |
| **Johanna dra haar natuurlike blymoedigheid en opgeruimdheid aan Iris oor wat Iris help om in New York reg te kom.** | Iris kan ten spyte van 'n moeilike en neerdrukkende tyd in New York steeds die tyd sonder Peter geniet. | Bl. 152: *Johanna het gelag soos 'n heks ...*<br>. |
| **Johanna se sin vir humor leer vir Iris om moeilike situasies makliker te hanteer.** | Sy gee humoristiese raad toe Iris vir Peter se ouers op die plaas gaan kuier. | Bl. 196: *"Maar jy beter hulle gaan deurkyk. Families steek hulle swakhede weg. Kyk uit vir horrelvoete en skeel oë."* |
| **Johanna onderskraag Iris ook emosioneel./waarsku Iris met betrekking tot lewen-situasies wat agterna vir Iris laat besef dat Johanna reg was.** | Johanna moedig haar aan om 'n kêrel te kry. | Bl. 39: *"Dan's dit hoog tyd jy kry 'n ander een."* |
| | Sy hou vol om Iris te vermaan en raad te gee. Sy herinner Iris byvoorbeeld daaraan dat sy sal moet begin roer om 'n man te kry, want sy word oud. | Bl. 114: *Sy het my gemaan om warm aan te trek ... sy het ook die hoop uitgespreek dat ek my hare sal laat kap ... die brief geëindig met die vermaning dat ek versigtig moet wees, nie met vreemde mense moet praat nie ...* |

| | | |
|---|---|---|
| | Sy waarsku Iris oor haar voorgenome kuier by Peter in Amerika. | Bl. 87: "*Jy't die man 'n jaar laas gesien ... dit gaan neuk."* |
| **Johanna leer Iris om op haar voorkoms te let.** | Johanna lyk deftiger. Sy is krities teenoor Iris wanneer sy uitgaan en vermaan haar om haar hare te versorg. | Bl. 37: *"Jy sal iets moet doen met darie hare," het sy krities gesê.* |
| **Sy laat ruimte vir Iris se verbeeldingswêreld, wat aanvanklik vir Iris motiveer om in 'n fantasiewêreld te leef, maar haar later help om die werklikheid te aanvaar.** | Sy bly aan die einde by Iris en Peter op die erf en wag saam met Iris (soos haar ma vroeër) op die verskyning van die kwart-voor-sewe-lelie. | Bl. 220: *Dit is nou laatsomer en ek en Johanna sit saam op ons kombuisstoeltjies in die hoek van die skadutuin. Dis halfsewe en ons hou die lelie dop.* |
| Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan. | | |

**[25]**

## VRAAG 7: *DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – KONTEKSTUELE VRAAG

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 7.1 | Die fotograaf/Joe neem haar na Central Park om foto's te neem./Sy is moeg vir Joe./sien vir Billy./besluit om vir Billy te gaan hallo sê./by Billy aan te sluit. ✓ | 1 |
| 7.2 | Ja<br>Billy is die eerste persoon in Amerika wat sy ontmoet het./bereid was om na haar te luister./<br>Iris beskou Billy as 'n bekende./<br>Sy deel in elk geval haar ervarings/sienswyse met almal wat bereid is om te luister./Sy het al in die taxi met hom gepraat oor haar lewe. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br>*Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.* | 1 |
| 7.3 | In New York leer Iris (in haar gesprek met Billy) dat sy enige plek kan blom./nie almal gaan blom nie./<br>In New York ontwikkel Iris 'n gevoel van eiewaarde (as sy na haar ontmoeting met Joe ervaar dat mense in haar belangstel./haar menswaardig/interessant vind)./<br>In New York leer Iris dat sy deur vreemdelinge (soos die vuurhoutjieman) uitgebuit kan word./ nie alle mense moet vertrou nie./versigtig moet wees vir vreemdelinge./<br>In New York besef Iris drome kan waar word/haar blomoomblik kan 'n werklikheid word (as 'n modelkontrak vir haar aangebied word)./<br>In New York leer sy keuses maak (tussen die modelkontrak en Peter/Vermont). ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| 7.4 | "Dis alles goed en wel dat jy wil blom, maar gestel die man spit jou uit?"/<br>"Nie alle bolle kom tot bloei nie." ✓<br><br>**EN**<br><br>Iris leer geduld./om geduldig te wees./om te wag om te blom./<br>Iris leer dat alle bolle op hulle eie tyd blom.✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1<br><br><br><br>1 |
| 7.5 | Naïwiteit/impulsiwiteit/spontaneïteit ✓<br><br>**EN**<br><br>Iris vertrou die vreemde taxibestuurder (Billy)./fotograaf (Joe)./vuurhoutjieman./vrou van Honduras.<br>Iris vertrou 'n vreemdeling om van haar foto's te neem./stewels te koop./geld te wissel./<br>Iris nooi Joe na haar kamer toe (en verstaan nie dat Peter 'n probleem daarmee het nie)./<br>Iris glo die vuurhoutjieman se stories./word ingeloop om sy rekening te betaal. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.*<br>*Die kandidaat bied TWEE voorbeelde wat die karaktereienskap bewys aan.* | 1<br><br><br><br>2 |

| | | |
|---|---|---|
| 7.6 | Ja<br>Ma het Iris geleer om vrydenkend te wees./te waag./<br>Ma laat Iris toe om haar eie probleme op te los./<br>Ma leer Iris om haar nie deur ander te laat intimideer nie./laat Iris toe om haar eie dinge te doen./<br>Johanna leer Iris van kleins af om dinge vir haarself te doen soos hare vleg./bed opmaak ens.). /<br>Johanna vermaan haar./gee haar raad oor wat die regte manier van optrede is.<br>**OF**<br>Nee<br>Ma luister nie na Iris nie./gee nie aan haar 'n gevoel van eiewaarde nie.<br>Ma leer Iris nie sosiale vaardighede nie./<br>Johanna waarsku Iris oor haar voorgenome kuier by Peter./wil haar teen haar eie besluite/totale onafhanklikheid beskerm. ✓✓✓<br>*Die kandidaat bied DRIE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.*<br>*Die kandidaat moet na Ma en Johanna in die antwoord verwys.* | 3 |
| 7.7 | Iris fantaseer nie meer oor Greta nie./<br>Iris sê dat Peter se werklikheid beter as die fantasie oor Greta is. ✓ | 1 |
| 7.8 | Eerstepersoonsverteller/Ek-verteller/Iris ✓<br>**EN**<br>Ja<br>Dit maak die teks geloofwaardig./Die leser kan Iris se denke verstaan. ✓<br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br>*Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.* | 1<br><br>1 |
| 7.9.1 | Peter meng in met haar ideale beeld van Eduard, want Peter oorheers nou haar gedagtes./werklikheid./<br>Iris beplan om nie te trou nie, maar nou begin sy drome droom oor Peter (en kinders)./<br>Iris dink dat sy haar blomoomblik bereik, maar Peter dring daarop aan dat sy moet kies tussen hom/Vermont en die modelkontrak. ✓✓<br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| 7.9.2 | Die Engel moet haar raad gee oor haar besluit om saam met Peter Vermont toe te gaan./<br>Die Engel moet haar help om konflikte oor die huwelik/huweliksmaats (Frederik of Peter) op te los./<br>Iris vra selfs na haar troue vir die Engel of sy die regte ding gedoen het om te trou./<br>Hy moet haar help oor die kwessie van haar blomtyd. ✓✓<br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| 7.10 | Die Engel sê Iris roep hom op./maak hom een van haar fantasieë. ✓ | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 7.11 | Die Engel (se hand) ✓<br><br>**EN**<br><br>Iris is ontevrede dat die Engel Bettie toegelaat het om gif te drink (nadat sy hom so mooi gevra het om die gifbottel op te pas)./<br>Die Engel versteur haar en Peter se romantiese oomblik./<br>Iris is ontevrede dat hy haar nie beskerm het toe sy haar enkel gebreek het nie./<br>Iris voel dat die Engel haar verkeerde raad gegee het om Peter Vermont toe te volg./<br>Die Engel wil nie Iris se toekoms vir haar voorspel nie. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 1<br><br><br><br><br><br><br><br><br>2 |
| 7.12 | In reëls 10 tot 13 van TEKS A noem Billy dat die roman se tema, met ander woorde die blomoomblik, nie vir almal beskore is nie./nodig is om gelukkig te wees nie. ✓<br><br>**EN**<br><br>In reël 7 en 8 van TEKS B word Peter Iris se blomoomblik./die een by wie sy haar geluk vind./die tema van die roman. ✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.* | <br>1<br><br><br><br><br>1 |
| | | **[25]** |

## VRAAG 8: *MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – OPSTELVRAAG

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

**LET WEL:**

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

**Karaktervoorletter + i**

**ARGUMENTE WORD AANGEBIED EN ONDERSTEUN OF GEÏLLUSTREER DEUR NA DIE TEKS TE VERWYS.**

| **ARGUMENT** | **ONDERSTEUNENDE bewys OF aanhaling/parafrase** | |
|---|---|---|
| Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan. | | |
| **Baas se oupagrootjie is die eerste persoon in die roman wat malaria opdoen wanneer hy, koorsbeneweld, na Suid-Afrika teruggaan. Baas se obsessie met dié oupa-grootjie laat hom besluit om in sy voetspore te volg./sy droom na te jaag.** | Baas word groot met al die stories oor Barotseland en die avonture wat die oupagrootjie beleef het./Baas droom van kleins af om op die spore van sy oupagrootjie terug te loop. Baas gaan uiteindelik terug Manaka toe na sy ouers se dood. | Bl. 10: *Wanneer hy naweke saam met sy pa, oom Baas, nefie Baas, oupa Baas en Ngwako gaan jag, voel hy dikwels dat hy met elke tree in die spoor van sy oupagrootjie trap.*<br>Bl. 11: *... wat hom voorsien van leesstof oor Suid-Afrika se noordelike buurlande, veral Zambië ...*<br>Bl. 15: *Met 'n tas vol kaarte van die staatsdrukker in Pretoria, vat Baas die volgende oggend die pad. By die basiskamp in Botswana, ...* |
| **Manuel se dogtertjie is die eerste een in Botswana wat malaria kry/vir wie Baas sy malariapille gee – so begin Baas se (onwil-lige) betrokkenheid by die mense van die gemeen-skap wat groei tot 'n uiteindelike aanvaarding van sy roeping.** | Baas reageer aanvanklik onwillig teenoor Manuel en wil nie help toe Manuel vir hom om hulp vra nie, aangesien hy net genoeg malariapille vir homself het. Dan laat hy hom ompraat en Manuel se dogtertjie word die eerste persoon vir wie hy sy volle dosis chlorokienpille gee. | Bl. 28: *"Ek is nie 'n dokter nie," beduie Baas so goed hy kan. "Ek dra nie 'n voorraad van die goed nie." Hy het net genoeg mala-riamedisyne vir homself gebring.*<br>Bl. 29: *Hy lig die hygende kind se kop, druk vier pille in haar mond en sorg dat sy dit afsluk ...* |
| | Dit het 'n verdere gevolg dat Baas na hierdie ervaring op 'n gereelde basis vir Manuel en sy gesin kos neem./drome saam met hulle droom van 'n toergidsbesigheid waar ryk toeriste in gewone mense se huise bly./betrokke raak by ander mense. | Bl. 31*: "Dit moet 'n regte huis wees, al is dit een van gras en palmtakke en 'n paar boontjie-stoele op die werf ..."*<br>Bl. 35: *Vir Manuel en sy gesin koop hy pakke mieliemeel en suiker. By die hospitaal kry hy 'n groot voorraad chlorokien ...* |
| | Dit is ook die begin van Baas se betrokkenheid by die mense van Barotseland deurdat hy vir die mense van Manaka ook later van kos en chlorokienpille voorsien. | Bl. 29: *Baas weet hy gaan hom laat saamsleep.*<br>Bl. 62: *"Daar was 'n vrou wat pille kom soek het. Sy is met 'n slee ingebring. Baie mense kom Manaka toe as hulle siek ... is."* |

| | | |
|---|---|---|
| **Grace kry malaria. Baas se hulp (met pille) red haar lewe wat die indruk skep dat Baas na Manaka gestuur is./'n Christen is./'n versorger is – presies die rol wat hy later op Manaka aanvaar.** | Dit lei daartoe dat Baas vir Grace soos 'n skaduwee erf, want Grace voel sy het haar lewe aan Baas te danke. Sy maak dit haar missie om te vergoed deur sy lewe vir hom makliker te maak. | Bl. 42: *Toe sy baie siek was, het haar ouma Essie vir hom kom vra om te help*.<br>Bl. 94*: "Ek wil jou help. Jy het my lewe gered."* |
| | Dit word Baas se eerste kennis-making met die sienswyse dat hy deur die Here Manaka toe geroep is – en dat hy 'n Christen is, iets wat hy heftig ontken. | Bl. 43: *"... want sy weet die tyd het gekom dat iemand gestuur word om die mense van Manaka te help ... Sy is ook die een wat gesê het sy weet meneer Baas is 'n Christen ... My ouma Essie was reg," sê sy. "Want jy het haar weggejaag, maar agterna het jy tog die malariapille gebring."* |
| | Baas se tweestryd om slegs sy boot te bou/op sy eie te leef teenoor die eise van die mense van Manaka spruit uit sy hulp aan Grace, wat begin om soos sy gewete vir hom op te tree. | Bl. 63: *"Hoekom het ek nie pille gehad toe ék malaria gekry het nie? Maak dit vir julle saak dat ek ook 'n lewe het om te leef? Dink jy ek het Barotseland toe gekom om verantwoordelik te voel vir almal se skete en kwale en honger-snood?"*<br>Bl. 93: *"Ek wil ook nie weet van werksoekers en siek mense en honger mense en weeskinders en kruppel vrouens en sterwendes wat met 'n slee na my toe aangery word nie." "Miskien staan jy nou hier in die reën met die verkeerde mens en raas. Dit is nie ek wat jou die oë gegee het waarmee jy al hierdie dinge sien nie."* |
| **Wanneer Baas self malaria kry/feitlik sterf as gevolg van malaria, tree Grace op as sy versorger/gespreksge-noot; hy besef toene-mend dat hy nie langer alleen wil bly leef nie, maar dat hy iemand anders/'n maat in sy lewe nodig het.** | Omdat hy haar lewe gered het, is Grace die een wat hom verpleeg wanneer hy ernstig siek is aan malaria. Sy is ook die een wat sy honde versorg. Sy reël dat Kebbey hom hospitaal toe neem. Sy hulp aan haar lei dus daartoe dat hyself ook hulp ontvang toe hy siek word en ook uiteindelik gesond word. | Bl. 48: *"Jy moet jou nie oor die honde bekommer nie," sê sy. "Ek het vir hulle kos gestuur. Daar was nog geld ... Daar is vir jou Coke by jou skouer. Ek sal dit vir jou oopmaak as jy dit miskien wil drink."*<br>Bl. 60: *Grace moet Baas help om tussen die tou mense deur te kom wat vir hulle medisyne wag ...*<br>Bl. 61: *Sy dra die kartondoos waarin die patrone en skroewe gepak is, op haar kop. Hy probeer haar help om dit af te tel, maar hy is te swak.* |

| | | |
|---|---|---|
| | In die tyd dat hy by die hospitaal is, vertel Grace vir Baas van Whitey. Hy speel 'n groot rol in Baas se ontwikkeling/help hom om die familiekwaal, dat hy nie anders kan as om ander te help nie, te verstaan. | Bl. 49: *"Daar is 'n man wat elke week met sy groot lorrie inkom ... Sy naam is meneer Whitey ... Ek is seker ons sal saam met hom kan ry wanneer meneer Baas gesond is."* Bl. 178: *"Ek help mense omdat ek daarvan hou om hulle te help, nie omdat ek iets terug verwag nie. Dis 'n familie-kwaal."* |
| | Omdat Baas so swak is as gevolg van die malaria, moet hy noodgedwonge Grace en ouma Essie se versorging en hulp aanvaar. | Bl. 105: *Grace en ouma Essie kom met die voetpaadjie van Mubuyu af aan met 'n kind by hulle. Aan ouma Essie se hand hang 'n hoenderhen onderstebo.* Bl. 105: *"Ek wou vir julle 'n bok laat slag maar hy is gesteel," sê sy. "Nou moet jy maar die hoender vat. Dit is om kos te gee vir die baie mense wat die Here na jou toe gestuur het." Baas vat die hoender.* |
| | Grace herinner Baas gereeld in haar gesprekke daaraan dat hy Manaka toe gestuur is. Sy leer hom van hulle stamgebruike. Sy wys hom daarop dat hy 'n verantwoordelikheid teenoor die mense van Manaka het. Baas raak stelselmatig aan die gedagte gewoond. | Bl. 99: *"Miskien sal dit die beste wees om respek te wys vir elke mens wat jy langs die pad kry ..."* Bl. 204: *Op die werf is daar al 'n paar hoenders. Grace het hulle vir wildsvleis geruil. Die mieliehok wat sy gebou het, word voller. Haar stampblok staan nou by Manaka. Elke week stamp sy 'n seroet vol meel uit die ruilmielies.* Bl. 207: *Grace maak 'n lys van die medisyne wat nodig is vir die siek mense wat na die sendingstasie toe kom vir hulp.* |
| | Omdat Baas malaria opgedoen het en hospitaal toe is, neem die sendelinge sy woonplek in sy afwesigheid oor./Baas is genood-saak om, wanneer hy opdaag, met hulle opgeskeep te bly. | Bl. 74: *"Ons moet beskutting hê. Ons moet 'n slaapplek hê. Geen Christenmens sal 'n ander verkwalik as jy onder sulke omstandighede sy hut gebruik nie."* Bl. 82: *"Wat soek julle in my kamp?" vra Baas.* Bl. 113: *"Dis iets waaroor ek ook sterk voel, dominee. Ek hou ook nie daarvan om in 'n blik gedruk te word nie. Daar word van hierdie janrap verwag om te besluit of ek jou in my huis wil hê ..."* |

| | | |
|---|---|---|
| | Baas raak bewus daarvan dat hy 'n vrou in sy lewe soek. | Bl. 146: *Fires het ook rooibruin hare gehad ... Eintlik was Fires se hare meer rooi as bruin. En sy het baie sproete gehad. Nanna het net 'n paar sproete ...*<br>Bl. 212: *Maar Grace is nie daar nie. By die kerk het hy haar ook nie gesien nie.* |
| | As gevolg van Grace en ouma Essie se teenwoordigheid en invloed begin Baas al hoe meer vrae oor Christenskap vra. | Bl. 202: *"Wat maak van 'n mens 'n Christen, ouma Essie?"*<br>Bl. 207: *Sonde is 'n gesindheid, sê Nanna ... Christenskap is 'n gesindheid, sê Griesel ...*<br>Bl. 210: *Hoekom het hy nooit gewonder of hy die Bybel glo, tot ouma Essie dit vir hom gevra het nie?* |
| **Die siek vrou op die slee, Ester, sterf aan malaria, terwyl Baas in die hospitaal is; die verwysings dat sy dood is omdat sy nie gehelp is nie, maak Baas bewus van sy rol as versorger./ van die kritieke behoefte aan mediese versorging.** | Baas sien dat Grace en ouma Essie vir Sitali grootmaak; hy leer ken vir Sitali wat saam met Grace Manaka toe kom – en Baas se skaduwee word, soveel so dat hy selfs Kleinbaas genoem word. Baas ontdooi al hoe meer teenoor Sitali. | Bl. 71: *"Nou weer, toe ons my kleinkind Ester begrawe het. Nou sit ek met nog 'n weeskind op my hande. En Sitali is maar agt."*<br>Bl. 80: *Grace haal 'n skryfboek en 'n leesboek uit haar drasak. "Dit is vir Sitali, die kind van die vrou wat met die slee ingebring is. Hy is 'n slim kind. Dit sal goed wees as hy 'n kans kry om te leer."*<br>Bl. 105: *Die kind is Sitali. Hy knyp die leesboek en die skryfboek wat Grace in Ngweze gekoop het onder sy arm vas.*<br>Bl. 106: *Maar toe Baas met die gereedskapkis onder sy bakkie se onderstel inkruip, kom Sitali terug om langs Baas te kom lê.* |
| **Meneer Mosko se ma, die ou vrou, sterf aan malaria (omdat die laaste tablette nie help nie) en Baas begin nadink/wonder oor allerhande geloofskwessies./ se konflik oor die vrou se siel bring sy eie twyfel oor geloofsake op die voorgrond.** | Baas wonder oor wat van iemand wat sterf, se siel word./Dit veroorsaak 'n reeks gedagtes oor sy eie geestelike pad. | Bl. 189: *"Ouma Essie bid nou vir haar siel." Haar oë is bang. "Asseblief ... Ek het nog nooit iemand gesien sterf nie."*<br>Bl. 194: *... Waar is sy nou? Elke mens wat doodgaan, laat iemand agter wat wonder wat van sy siel geword het ... DV, sê Whitey – as die Here wil. Sodat elkeen wat in Hom glo ...* |

| | | |
|---|---|---|
| **Griesel du Pisani kry malaria en besluit om nie weer terug te kom Manaka toe nie, wat 'n direkte invloed het op Baas se besluit om sy verantwoordelikheid teenoor die kerk wat sy oupagrootjie gebou het, na te kom.** | Griesel se weggaan veroorsaak dat Baas sy roeping as sendeling aanvaar./dat Baas besluit om die kerk te herbou. | Bl. 211: *By die jong worsboompie laai Griesel 'n tas agter in die Datsun. Straaltjies sweet loop oor sy wange en in sy kenbaard in.*<br>Bl. 226: *Baas gee vir hom die Bybel. "Vat dit vir jou. Ek het nog een," sê hy.*<br>Bl. 242: *"Nou weet ek nie, Baas ... Hy is uit die hospitaal ontslaan, maar hy kom nie terug Manaka toe nie ... Soos ek sê, nou weet ek nie ... Maar die Here sal voorsien. Die goed is nou hier ..." Hulle laai die deure en die vensters en die sisaltou langs die hoop as by die kerk af.*<br>Bl. 245: *Sy gee koperskroewe aan. Baas skroef die eerste bankie se plank op die stutpaaltjies onder die worsboom vas.* |
| Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan. | | |

**[25]**

## VRAAG 9: *MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – KONTEKSTUELE VRAAG

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 9.1 | Die nuwe sendelinge het opgedaag./ Die khuta het die boonste deel van Manaka aan beide Baas en die sendelinge verhuur./<br>Grace is heeltyd op Manaka omdat sy dink sy skuld Baas iets./want Baas het haar lewe gered. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 9.2 | Die ruimte, in die vorm van die twee bosuile (wat 'n paartjie is)/die seekoeie (wat in 'n groep is)/die naguiltjie (wat na 'n maat roep), laat Baas besef dat hy alleen is./dat hy 'n behoefte aan 'n maat het. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord aan.* | 1 |
| 9.3.1 | Baas wou nie sy ma se Bybel saamgeneem het nie,/het gevoel die oupagrootjie se Bybel is genoeg,/hy wou nie iets van sy ouers saamneem nie, maar Mart het daarop aangedring. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 9.3.2 | Ja<br>Die titel en die Bybel herinner hom aan/bind hom aan die oupagrootjie. ✓<br><br>*Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.* | 1 |
| 9.4 | Sy ma het daardie Bybelvers aan hom opgedra./vir hom toegewens.<br><br>**EN**<br><br>Ja<br>Na hierdie ontdekking het Baas al hoe meer in die Bybel begin lees./aan hierdie Bybelvers begin dink./besef dat hy eintlik nog altyd 'n Christen was./was hy spyt dat hy nooit vir sy ma gevra het wat van 'n mens 'n Christen maak nie.<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>Voor hierdie ontdekking het Baas reeds vir ouma Essie/Nanna/Griesel du Pisani oor Christenskap uitgevra wat daarop dui dat die proses van sy bekering al reeds begin het./Voor hierdie ontdekking het Baas herhaaldelik teruggedink aan sy kinderjare toe hy aktief by die kerkie op die plaas betrokke was. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan*. | 1<br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br>1 |
| 9.5 | Baas se liefde vir sy honde/Die ooreenkoms tussen Baas en sy oupagrootjie ten opsigte van hulle liefde vir honde. ✓<br><br>**EN**<br><br>Baas se geld is op, maar hy sal nog steeds vir die honde kos koop./<br>Baas sal spesiaal gaan jag sodat daar genoeg vleis vir die honde is./<br>Baas is hewig ontsteld omdat sy honde buite in die reën moet slaap toe die sendelinge sy blyplek inneem./<br>Baas ontstel hom toe Kebbey na die klein hondjie skop./<br>Sy honde ry saam met hom op die pontboot.<br>Baas vernoem die een hond na sy ma. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied enige TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 1<br><br><br><br><br><br><br><br><br><br>2 |

| | | |
|---|---|---|
| 9.6 | Alomteenwoordige/Alwetende verteller ✓<br><br>**EN**<br><br>Hy kan Baas se gedagtes weergee./weet wat Baas doen./<br>Die verteller help die leser om Baas se doen en late/gedagtes/emosies beter te verstaan. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan*. | 1<br><br><br><br><br>1 |
| 9.7 | Na die sterfte van die ou vrou./Grace se tannie./mnr. Mosko se skoonma. ✓ | 1 |
| 9.8 | Sy gee om./is beskermend./is proaktief./bekommerd./versorgend. ✓<br><br>**EN**<br><br>Grace verpleeg Baas/neem hom na die hospitaal nadat hy malaria opdoen./<br>Grace versorg Baas se honde./<br>Grace kook vir Baas kos./<br>Grace help die sendelinge toe hulle opdaag./<br>Grace deel (Baas se) malariapille/kos aan siek mense uit. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 1<br><br><br><br><br><br><br><br>2 |
| 9.9.1 | Die weddenskap tussen Baas en sy oupagrootjie ✓ | 1 |
| 9.9.2 | Uitbuiting (van die persoon wat het/nie het nie) ✓<br><br>**EN**<br><br>Ja<br>Baas betaal Johnnie se labolaskuld wat presies dieselfde is as wat die oupagrootjie aan sy skoonouers geskuld het. ✓<br><br>*Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.* | 1<br><br><br><br><br>1 |
| 9.10 | Omgee ✓<br><br>**EN**<br><br>Hy kry die boot./<br>Hy bring die planke vir die kerkbankies./<br>Hy verduidelik vir Baas wat die oorsprong van die omgee is waarvoor hy nie kan help nie./<br>Hy laat Baas verstaan dat hy 'n verpligting het om die oupagrootjie se werk voort te sit./<br>Hy laat Baas verstaan hoe 'n belangrike rol Christenskap in die oupagrootjie se lewe gespeel het.<br>Hy gee vir Baas die ontbrekende inligting oor sy oupagrootjie se doen en late in Barotseland. ✓✓✓<br><br>*Die kandidaat bied DRIE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 1<br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br>3 |

| | | |
|---|---|---|
| 9.11 | Nee<br>Baas het die boot na sy ma, Grace, vernoem (nie na Tibelelo nie)./<br>Baas het vir Grace/Tibelelo respekvol behandel (nie as lekseltjie swart roet deur die draad nie). ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n antwoord vir EEN punt aan.*<br>*Die kandidaat kan nie 'n JA-antwoord aanbied nie.* | 1 |
| 9.12 | Hy het vir lank ontken dat hy 'n Christen is, maar besef dat hy nog altyd geglo het. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan*.<br>*Die kandidaat bied albei dele van die konflik vir EEN punt aan.*<br><br>**EN**<br><br>Ja<br>Hy kom tot insig dat hy nog altyd geglo het./dat hy 'n roeping op Manaka het./geroep is om sy oupagrootjie se werk as sendeling voort te sit. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan*.<br>*Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.* | 1<br><br>1 |
| | | **[25]** |

**_VATMAAR_ – AHM Scholtz**

**VRAAG 10: _VATMAAR_ – OPSTELVRAAG**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

**LET WEL:**

Li/Ci

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

**ARGUMENTE WORD AANGEBIED EN ONDERSTEUN OF GEÏLLUSTREER DEUR NA DIE TEKS TE VERWYS.**

| **ARGUMENT** | **ONDERSTEUNENDE bewys OF aanhaling/parafrase** | |
|---|---|---|
| Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan. | | |
| **Oupa Lewies** | | |
| **Dis aan Oupa Lewies te danke dat die nedersetting, wat bekend is as _Vatmaar_, ontstaan - wat aan die inwoners blyplek/'n eie identiteit gee.** | Oupa Lewies/Corporal Lewis het met sy army-captain gepraat oor die moontlikheid van so 'n nedersetting, omdat hy en Ruth nie langer by haar mense wou bly nie./Oom Chai het die moontlikheid van so iets met Oupa Lewies bespreek. | Bl. 21: *Chai het glo een nag terwyl hy wakker gelê het, die plan gekry vir wat die Engelse 'n settlement noem*.<br>Bl. 21: ... *en hy het gesê hy sal graag op sy eie saam met Ruth wou bly ...*<br>Bl. 21: *George het weer met sy army-captain gaan praat*.<br>Bl. 105: *Dis hy wat Vatmaar op papier gesit het.* |
| **Oupa Lewies gee vir Ta Vuurmaak 'n baksteenvorm waarmee die mense van Vatmaar kon leer om stene te maak om so selfstandig te raak.** | Oupa Lewies was versiende genoeg om te besef dat mense wat hulle op Vatmaar vestig, huise nodig het./Die besit van 'n "brick mould" maak dit vir inwoners moontlik om self hulle huise te bou. | Bl. 21: *Take this brick mould and start your own business. People will soon need bricks to build their houses.* |
| **Oupa Lewies stel die voorbeeld van 'n halfkroon per gesin om 'n erf vir die sendingkerk te koop wat die mense motiveer om by die projek betrokke te raak./hulle eie kerk te kry.** | Toe die fondsinsameling begin, gee Oupa Lewies onmiddellik 'n halfkroon, wat die ander inspireer om ook soveel te gee. | Bl. 33: *Let me put my blessing in the bag – en hy haal 'n halfkroon uit sy beursie ...*<br>Bl. 33: *Ta Vuurmaak het ook 'n halfkroon ingesit ...*<br>Bl. 34: *Daar het ons dit! Môre gaan ek en jy, George, daai erf met die klippe vir die mense koop.* |

| | | |
|---|---|---|
| **Oupa Lewies tree op as skakel tussen die dorpsraad en die Vatmaar-gemeenskap wat daartoe bydra dat die dorpsraad die Vatmaar-projekte tot voordeel van Vatmaar se inwoners se omstandighede goedkeur.** | Hy skryf briewe namens individue aan die dorpsraad en/of lees korrespondensie wat van die dorpsraad kom. | Bl. 98: *Oupa Lewies is gevra om namens Vatmaar se mense 'n dankbrief vir die dorpsraad te skryf want hulle luister altyd na 'n witman.* |
| **Oom Chai** | | |
| **Oom Chai het reeds in die oorlogtyd vatmaar-goed bymekaar gemaak en uitgedeel aan diegene wat minder as hy het.** | Oom Chai het vir Ta Vuurmaak opdrag gegee om die watertenk te gaan haal om as 'n huis te gebruik. | Bl. 9: *Hulle moes my help om die sinkplate van die dakke af te haal en om die beste hout, vensters en deure ... potte en panne bymekaar te maak.*<br>Bl. 10: *Onthou jy die groot treinwatertenk by een van die sidings* ... |
| **Oom Chai maak dit moontlik dat Ruth in netjiese trouklere kan trou./ verhoog so haar gevoel van eiewaarde.** | Chai gee stilletjies vir Ruth, uit 'n baie arm familie, geld dat sy vir haar troue netjiese klere kan hê. | Bl. 18: *Toe het ek stilletjies met een van haar tantes afgespreek dat ek vir haar geld sal gee om vir Ruth trouklere te koop ... en gevra om nie vir George te sê nie.* |
| **Dis aan Oom Chai te danke dat Vatmaar 'n sendingkerk kry wat aan die gemeenskap van Vatmaar 'n gevoel van eiewaarde gee./die geleentheid bied om in Afrikaans 'n kerkdiens te kan bywoon.** | Oom Chai spreek die behoefte aan 'n sendingkerk uit teenoor dominee Louis Pienaar, omdat al die kerke in Du Toitspan Engels as kerktaal gebruik./<br>Ds. Pienaar hanteer die versoek met sy kerkraad wat die ou saal vir Vatmaar se mense bewillig. | Bl. 25: *... ons in Vatmaar het rêrigwaar 'n sendingkerk nodig want daar is bybies en jong kinders wat nie gedoop is nie.*<br>Bl. 27: *Ek het dit net gisteraand op die agenda van die kerkraad gehad en almal het saamgestem dat julle mense van Vatmaar ons ou saal kan kry ...* |
| | Oom Chai inisieer die sloping van die ou saal deur eers die voorwaardes van die moedergemeente met Vatmaar se mense te bespreek./is die toesighouer tydens die sloping van die saal./sien toe dat al die boumateriaal van die gesloopte saal in Vatmaar gebruik word. | Bl. 30: *Oom Chai het daarop drie werkspanne van bruikbare manne ingedeel en aangewys.* |

| | | |
|---|---|---|
| **Toe die dorpsraad weier om 'n erf vir 'n kerk te bewillig, gee Oom Chai nie moed op nie – die erf word met ingesamelde geld gekoop en hy leer aan die Vatmaar-inwoners dat hulle self moet werk vir wat hulle wil hê.** | Oom Chai roep al die Vatmaar-inwoners byeen vir 'n vergadering waar besluit word om die geld in te samel sodat die erf gekoop kan word. | Bl. 32: *Toe vertel Oom Chai breedvoerig wat ... en hoe hulle die brief gekry het*.<br>Bl. 33: *Wonnie, sê Oom Chai, nou het jy gepraat*.<br>Bl. 34: *Daar het ons dit! Môre gaan ek en jy, George, daai erf met die klippe vir die mense koop.* |
| **Oom Chai reël dat die kinders in die kerksaal skoolgaan./dat 'n bekwame juffrou vir die kinders aangestel word./dat die kinders geleerdheid kry.** | Du Toitspan se dorpsraad het nie voorsiening vir 'n skoolterrein in Vatmaar gemaak nie, maar Oom Chai, as die leierouderling, reël dat die kinders in die kerksaal skoolgaan./beveel vir Teacher Elsa by die dorpsraad aan. | Bl. 97: *Ons het in die kerkgebou skoolgegaan ... Oom Chai, onse sendingkerk se ouderling, het gesê die enigste betaling wat die gemeente wil hê, is lat die ...*<br>Bl. 97: *... het Oom Chai haar aanbeveel.* |
| **Oom Chai reël dat die skool toerusting het sodat die kinders behoorlik onderrig kan word.** | Vatmaar se skool het nie 'n ordentlike swartbord gehad nie en Oom Chai sien toe dat daar 'n swartbord is en vra by die wit skool vir stukkies afvalkryt. | Bl. 100: *Hy sê toe vir homself: vandag gaan ek 'n swartbord iewers afbedel.*<br>Bl. 100: *Binne het hy vir Oom Chai gesê: take one, they are all broken, but take the best. Oom Chai het die beste swartbord en staander gevat en 'n klompie afvalstukkies bordkryt gevra ...* |
| **Oom Chai beywer hom vir die uitbouing van die taal van die Vatmaar-mense, naamlik Afrikaans./die behoud van hulle kultuur.** | Op Saterdae moes die kinders, in opdrag van Oom Chai, skool toe gaan net om die Onse Vader in Afrikaans te leer. | Bl.100: *Ons het Saterdae net skool toe gegaan om die Onse Vader op te sê want, het Oom Chai gesê, dis in onse moedertaal.* |
| Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan. | | |

**[25]**

**VRAAG 11: *VATMAAR* – KONTEKSTUELE VRAAG**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 11.1 | Reverend Cobb wou (oom Hendruk se diamant in die hande kry sodat hy) die diamant self skelm gaan verkoop. ✓ | 1 |
| 11.2.1 | Hy was eerlik./wou die diamant eerlik verkoop./is deur die Reverend mislei. ✓ | 1 |
| 11.2.2 | Hy het gedink die waarheid sou hom bevry, maar dit het hom in die tronk laat beland. ✓<br><br>*Die kandidaat bied albei kant van die ironie vir EEN punt aan.* | 1 |
| 11.2.3 | Onregverdige lyding ✓ | 1 |
| 11.3 | Armoede in Vatmaar veroorsaak dat selfs die Reverend steel./die diamant van oom Hendruk wil steel./oom Hendruk se fiets en klere na sy vonnisoplegging steel. ✓<br><br>**EN**<br><br>Armoede laat die Vatmaar-gemeenskap glo dat dit reg is dat hulle net kan vat./<br>Armoede laat die Vatmaar-gemeenskap teen Oom Hendruk draai, omdat hy moontlik ryk kan word as hy die diamant verkoop./omdat hy op 'n eerlike manier probeer om die diamant te verkoop. ✓<br><br>*Die kandidaat moet na Reverend Cobb en die Vatmaar-gemeenskap verwys.* | 1<br><br>1 |
| 11.4.1 | Nuuskierigheid/<br>Gierigheid/<br>Veroordeling/<br>Valsheid/<br>Afguns ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| 11.4.2 | Tant Wonnie /<br>Kenneth/Kenny Kleinhans/<br>Ma Khumalo/<br>Ta Vuurmaak/<br>Sus Bet /<br>Suzan/<br>Kaaitjie/<br>Wingrove ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| 11.5 | Nee<br>Hy was eerlik./<br>Daar was geen regverdige verhoor nie./<br>Daar is teen hom gediskrimineer (as gevolg van kleur). ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.*<br>*Die kandidaat kan nie 'n JA-antwoord aanbied nie.* | 2 |

| | | |
|---|---|---|
| 11.6 | Eerwaarde Cobb het Oom Hendruk se pak klere laat verstel en gedra. ✓<br>Eerwaarde Cobb het Oom Hendruk se horlosie gedra. ✓<br>Eerwaarde Cobb het Oom Hendruk se fiets gebruik. ✓<br><br>*Die kandidaat bied DRIE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 3 |
| 11.7 | Een van Vatmaar se inwoners ✓<br><br>**EN**<br><br>Die verteller verhoog die geloofwaardigheid. ✓ | 1<br><br><br><br>1 |
| 11.8 | Ma Khumalo ✓ | 1 |
| 11.9.1 | Hy mag nie steel nie. ✓<br>Hy mag nie lieg nie. ✓ | 1<br>1 |
| 11.9.2 | Nee<br>In Vatmaar mag jy vat/"steel" wat jy kan kry./gebruik./<br>In Vatmaar is daar baie gelieg. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br>*Die kandidaat kan nie 'n JA-antwoord aanbied nie.* | 1 |
| 11.10 | Terwyl Norman geleef het, het tant Wonnie gedink sy het nie 'n man nodig nie, maar na sy dood besef sy dat sy hom liefgehad het./het sy haar oë uitgehuil./was sy spyt dat sy nie vroeër besef het sy het hom liefgehad nie. ✓<br><br>*Die kandidaat bied albei dele van die konflik vir EEN punt aan.*<br><br>**EN**<br><br>Ja/Nee<br>Hy is dood. ✓ | 1<br><br><br><br><br><br>1 |
| 11.11 | Liefde sonder grense ✓ | 1 |
| 11.12 | Nee<br>Daar was ook diegene soos Ma Khumalo (TEKS F) met 'n omgeehart./wat mense nie veroordeel het nie./gehelp het. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord wat na albei tekste verwys vir EEN punt aan.*<br>*Die kandidaat kan nie 'n JA-antwoord aanbied nie.* | 1 |
| | | **[25]** |

**VRAAG 12: *ONDERWÊRELD* – OPSTELVRAAG**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

**P/M/J**

**LET WEL:**

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

**ARGUMENTE WORD AANGEBIED EN ONDERSTEUN OF GEÏLLUSTREER DEUR NA DIE TEKS TE VERWYS.**

| **ARGUMENT** | **ONDERSTEUNENDE bewys OF aanhaling/parafrase** | |
|---|---|---|
| Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan. | | |
| **Pa** | | |
| **Pa se swak verhouding/ kommunikasie met Greg veroorsaak dat Greg nie met hom wil assosieer nie.** | Pa sê nooit hoe hy voel oor Greg nie; gevolglik voel Greg sy pa gee nie vir hom om nie. | Bl. 52: *"Jou pa," sê sy sag na 'n ruk stilte. "Hy is nie regtig so hard nie. Hy is lief vir jou."*<br>Bl. 206: *Dis nogal ironies – hy bestuur die groot kommuni-kasiemaatskappy, maar hy kan nie eers behoorlik met sy seun kommunikeer nie.* |
| | Greg besef hy wil nie soos sy pa wees/lyk nie. | Bl. 52: *"Daardie plek ... herinner my te veel aan my pa se studeerkamer."*<br>*Bl. 55*: *Vrek, dit lyk byna soos my pa s'n.*<br>Bl. 73: *En as hy reg is, gaan my toekoms ook soos my pa s'n lyk?* |
| | Sy pa stel nie werklik in hom/sy probleme belang nie; gevolglik kan Greg nie met hom kommuni-keer nie. | Bl.106: "*Pa, laat ek verduidelik. " Dit help nie, hy luister nie, gaan net aan. My pa groet nie toe hy die selfoon dooddruk nie.* |
| | Omdat sy pa ontoeganklik is, voel Greg hy kan nie sy pa nader met sy probleme nie. | Bl. 185: *"Ma moenie vir Pa vertel nie, asseblief. Nie nou nie."*<br>Bl. 165: *Daar is 'n ongemak-likheid in ons gesprek wat my laat wens my pa wil groet en neersit, maar hy doen dit nie.*<br>Bl. 165: *"Ek moet nou gaan, die ouens wag vir my dat ons kan gaan oefen. Bye, Pa." Weer 'n leuen.* |

| | | |
|---|---|---|
| | Greg se pa is onbelangstellend, wat veroorsaak dat Greg voel hy word nie as iemand belangrik geag nie. | Bl. 165: *My pa het ook nie eens gevra na Eckard ... nie. Hy gee seker ook nie om nie. Dis nie iets wat hy in rand en sent kan omreken ... nie.*<br>Bl. 206: *"Mettertyd begin my pa vrae vra, en ek antwoord. Pa luister, maar dit lyk kort-kort of sy aandag dwaal. Daaraan is ek al gewoond. Hy kan by jou sit, maar sy kop is altyd by sy werk ... maar hy kan nie eens behoorlik met sy seun kommunikeer nie."* |
| | Indien Pa Greg fisies aanraak, voel Greg ongemaklik daarmee. | Bl. 205: *"Dan trek hy my nader en druk my. Ek voel ongemaklik. Dit is nie iets wat hy gewoonlik doen nie."* |
| | Pa is altyd besig met werksake./ staan nie tyd af om na Greg/sy probleme te luister nie. | Bl. 219: *"Skielik wonder ek of my pa al sy sakebelange laat staan het om my onthalwe en of hy gekom het om vir Dok te help?"* |
| **Pa is hardvogtig/emosieloos teenoor Greg wat veroorsaak dat daar nie 'n goeie pa-seun-verhouding tussen hulle bestaan nie.** | Pa verbied hom om te huil oor John se dood en dit veroorsaak 'n emosionele knak by Greg. | Bl. 66: *Ek het nie gehuil toe John dood is nie.*<br>*"Jy sal nie!" het my pa beveel, sy hele houding afgetrokke asof dit iemand anders se kind was wat dood is.* |
| **Pa is nie tevrede met enige iets wat Greg doen nie./beledig hom – wat veroorsaak dat Greg toenemend aan homself twyfel./begin rebelleer./ voel dat hy nooit goed genoeg gaan wees nie.** | Greg voel niks wat hy doen, sal goed genoeg wees vir sy pa nie./twyfel aan sy eie vermoëns. | Bl. 207: *Moet ek sy liefde en aanvaarding koop met my prestasies? Sal ek John se skoene kan volstaan?'* |
| | Sy pa se snydende opmerkings teenoor Greg laat hom teen sy pa in opstand kom. | Bl. 106: *"... ek is teleurgesteld in jou, Greg." "Dan is ek ten minste nie die eerste kind wat jou teleurstel nie, Pa!"* |
| | Greg ontwikkel 'n minderwaardigheidsgevoel. | Bl. 107: "*Wat moet ek doen om hom gelukkig te maak? Wíl ek hom nog gelukkig maak? Was daardie ou wat my gister 'n loser genoem het, reg?"* |
| | Sy pa gun hom nie die geleentheid om sy kant van die saak te stel nie. | Bl. 106: *"Jy's 'n ondankbare klein snotkop."*<br>Bl. 106: *"Pa, laat ek verduidelik." Dit help nie, hy luister nie, gaan net aan.* |

| | | |
|---|---|---|
| | Pa dra al sy verwagtinge van John oor op Greg./Greg moet nou soos John aan sy pa se verwagting voldoen. | Bl. 174: "*My pa wou te veel van hom hê. Hierdie oorweldigende verwagtinge om te presteer in alles wat hy doen.*"<br>Bl. 174: " ... *Toe John dood is, was dit asof ek kon sien hoe my pa se oë na my draai en sê: 'En nou's dit jou beurt, boetie!'* " |
| | Omdat Pa nooit met enige iets tevrede is nie, is Greg bang vir sy pa. | Bl. 98: "*My binnekant krimp sommer ineen. Ek weet my pa sou nie hiermee tevrede wees nie.*" |
| | Die familiedruk maak Greg opstandig teenoor Lawson Kollege. | Bl. 47: *Terug op Heilige Grond, dink ek ...* |
| **Pa manipuleer/beheer Greg om soos hy te wees wat Greg laat voel dat hy slegs 'n pion is.** | Pa stel baie hoë eise aan Greg sodat Greg nie die geleentheid gegun word om sy kindwees te geniet nie. | Bl. 48: *"Ek het beter verwag van jou!" praat hy met my of ek een van Turret se direkteure is. "Ruggraat! Kry een!"* |
| | Sy pa verwag van hom om sy skouperd te wees met wie hy kan spog en Greg kan nie daaraan voldoen nie. | Bl. 106: *"Ek verwag uitstekende resultate vir jou teen die einde van die matriekjaar. Ek sal met niks minder as dit tevrede wees nie, hoor jy vir my, Greg?"* |
| | Aangesien John nou dood is, word Greg John se plaasvervanger. | Bl. 99: "*Ek wonder skielik wat John sou geswot het. Sou my pa hom steeds in 'n rigting gedruk het waar hy nie wou wees nie?*"<br>Bl. 174: " ... *Toe John dood is, was dit asof ek kon sien hoe my pa se oë na my draai en sê: 'En nou's dit jou beurt, boetie!'* " |
| **Pa koester te hoë verwagtinge van Greg wat Greg laat wonder of hy ooit goed genoeg gaan wees.** | Greg se pa het klaar besluit dat hy na skool in 'n goeie rigting moet gaan studeer, terwyl Greg sou verkies om sy eie besluit te neem. | Bl. 99: "*Miskien moet ek oorsee gaan. Net vir 'n jaar of twee. Maar ek sien al hoe sit dit my pa se stress levels in die rooi.*"<br>*"Jou pa kan nie vir jou besluit nie," sê Eckardt. "Jy ken obviously nie my pa nie."* |
| | Greg verkies om net 'n gemiddelde kind te wees. | Bl. 174: "*As ek kon kies, sou ek my van verander van Owen na ... ag, sommer Van der Merwe ... Ek sou tevrede wees met 'n gemiddelde skool in 'n gemiddelde woonbuurt met gemiddelde skoolpunte.*" |

| | | |
|---|---|---|
| | Sy pa verwag hy moet in sy beroepsvoetspore volg en daarom voel Greg soos 'n kloon van sy pa. | Bl. 70: "*Clones, hè, almal van ons – clones van ons pa's ... Hulle breinspoel ons sodat ons mooi kan glimlag, die regte dinge doen en sê." "En in pappa se voetspore kan volg," voltooi ek die sin.*<br>Bl. 125: *My trots vir eers in my sak gedruk. 'n Clone geword.* |
| | Sy pa koop Greg se posisie as hoofseun, maar dit plaas Greg in 'n slegte lig, want Greg is nie noodwendig 'n goeie leier nie./ word uitgelewer aan kritiek van sy vriende. | Bl. 58: *"Julle was almal blote saketransaksies, was julle nie?" "Plank, moet jy my nou so crap laat voel, hè?"* |
| | Omdat sy pa sulke hoë verwagtinge koester, is Greg bang om sy pa teleur te stel./vervals Greg sy eerste kwartaal se rapport./is die eerste wiskundetoets wat hy druip, 'n frustrasie. | Bl. 99: *En drie dae later pluk ek vir die heel eerste keer ... 'n wiskundetoets.*<br>Bl. 178: *Ek kon dit wegsteek vir my pa met 'n vervalste April-rapport.* |
| **Ma** | | |
| **Ma tree as buffer tussen Greg en sy pa op wat juis nie die verhouding tussen pa en seun verbeter nie.** | Greg ervaar sy pa se liefde tweedehands, want Ma sê dat Pa vir hom lief is./versterk die idee dat hy nie teen sy pa moet opstaan nie. | Bl. 98: "*Jou pa slaap die afgelope tyd sleg. Dis die werk. Dit maak hom buierig. Ek bly maar uit sy pad."* |
| | As Greg probleme ondervind, is hy bang om sy pa daaroor in te lig./vertrou hy eerder sy ma. | Bl. 185: *"Ma moenie vir Pa vertel nie, asseblief. Nie nou nie."* |
| **Ma se bekommernis dat Greg ook homself iets sal aandoen, blyk uit haar optrede teenoor Greg – en versterk Greg se bekommernis oor sy ma.** | Ma oorlaai Greg met geld/sy gee hom ekstra geld, sodat hy nie ook selfmoord pleeg nie, maar Greg ervaar dat sy hom probeer "omkoop". | Bl. 52: *"Jy sal nie ook, soos John ... "*<br>Bl. 206: *"Het jy geld by jou, Greg?" vra my ma ná 'n ruk toe ek net bly staan en na hulle kyk. Ek antwoord nie. "Ag, vat sommer," sê sy en haal 'n paar note uit haar handsak. Ek steek my hand uit, al het ek dit nie nodig nie. Daar is nog geld in my sak. Haar vingers vou om myne. Sag maar koud. "Dankie, Ma." Geld in ruil vir 'n onuitgesproke versoek dat ek net sal bly leef.* |
| | Alhoewel sy ma dink geld is alles, besef Greg ten slotte dat geld nie alles is nie./hulle huisgesin se ondergang beteken. | Bl. 222: *Geld is wat ons gesin gemaak het, en geld is wat dit vandag gaan uitmekaar skeur.* |

| | | |
|---|---|---|
| **Ma is oorbeskermend teenoor Greg – selfs tot sy eie verleentheid – maar hy laat dit toe omdat hy besef dat sy dit nodig het.** | Sy dra sy tasse en pak dit vir hom uit/wil alles vir hom doen wat sy pa se idee dat hy ruggraatloos is, versterk. | Bl. 51: *"Dis oukei, Ma, ek sal regkom." Ek kan nie dat die ander ouens sien my ma help my om tasse te dra nie. "Maar Greg, kyk net hoe swaar kry jy." Gee my dan net jou laptop ... Sy sal nie rus as ek haar nie laat help nie: weet ek. En daar is seker een ding wat erger is as jou ma wat jou tasse dra: jou ma wat die heeltyd neul en kerm dat sy jou wil help. Asof jy vir die eerste keer skool toe gaan.* |
| | Sy beskerm Greg teen sy pa/ versterk die idee wat hy van sy pa het (dat hy ontoeganklik/ liefdeloos is)./dit versterk die verwydering tussen hom en sy pa. | Bl. 52: *"Jou pa," sê sy sag ná 'n ruk stilte. "Hy is nie regtig so hard nie ... Hy is lief vir jou. Jy weet dit, nè, Greg?"* |
| **Ma se eensaamheid veroorsaak dat Greg se spanning toeneem.** | Ma is eensaam en dit plaas meer druk op Greg./veroorsaak dat hy bekommerd oor haar is in 'n tyd wat hy nie ekstra spanning kan hanteer nie. | Bl. 51: *En al lyk dit nie so nie, wil ek ook hê sy moet net die beste kry. Eintlik kry ek haar jammer ... want ek weet, as ek my goed neersit, en sy help uitpak, moet sy terugry Jo'burg toe.* |
| | Ma se eensaamheid veroorsaak skuldgevoelens by Greg. | Bl. 98: *"Ek worry bietjie oor my ma. Sy is alleen. Maar daar is niks wat ek daaraan kan doen nie."*<br>Bl. 222: *"Sorry dat Ma so moes uitvind," sê ek sag.* |
| | Ma se eensame rykmanswêreld plaas Greg onder ekstra emosionele druk, want hy weet intuïtief dat sy nie gelukkig is nie. | Bl. 51: *Eintlik kry ek haar jammer, want ek weet, as ek my goed neersit, en sy help uitpak, moet sy terugry Jo'burg toe. Na daardie groot huis in Sandhurst, waar sy bedags alleen gaan wees. Waar sy net huishulpe en die televisie as geselskap sal hê.* |
| **Ma saal Greg met haar probleme op - wat sy gevoel van onmag vererger.** | Hy hoor in haar stem as daar fout is en dit versterk sy kommer oor haar./maak hom sodoende magteloos./kwesbaar. | Bl. 67: "*Ek kan aan jou stem hoor daar is iets ..."*<br>*Ek sug. "Ek het vandag aan John gedink."*<br>Bl. 98: *"Goed, Greg. Altyd goed." Haar stemtoon vertel 'n ander storie.* |
| | Dit is ironies dat Greg aan haar erken dat hy nie bulletproof is nie, terwyl sy hom opgepiep het. | Bl. 225: *"Ek is toe nie so bulletproof soos ek gedink het nie," sê hy sag.* |

| John | | |
|---|---|---|
| **As oudste seun was John altyd die inisieerder van nuwe avonture en Greg die volgeling wat veroor-saak dat Greg vir Eckardt ten prooi val omdat hy die leemte vul wat John in Greg se lewe gelaat het.** | Dit veroorsaak dat Greg se leierseienskappe nooit ontwikkel nie./nie inisiatief kan neem nie. | Bl. 76: *Nie een van die ander ouens het saam met my gestaan teen Dok nie. Is ek dan hulle leier?* |
| | John veroorsaak dat Greg ook 'n "adrenalienjunkie" word. | Bl. 66: *Die adrenaline rush het van my ook 'n danger junkie gemaak en later het ek al wat 'n gevaarlike ding was saam met hom gedoen.*<br>Bl. 200: "*En jy het dit ook al gevoel, nè – daardie flippen weird vibration wat jy in jou voel as jy deur die firewall breek. Die oomblik wanneer jy weet niemand kan jou nou stop nie! En jy weet jy sal nooit wil stop nie ...*" |
| | As volgeling leer Greg nie om sy man teen Eckardt se verkeerde dade te staan nie. | Bl. 71: *Ek weet ek is veronderstel om so iets te rapporteer, maar ek besluit: what the hell, 4 x 4's kan mos nie net altyd veilig op die teerpad bly nie.*<br>Bl. 111: *Versigtig volg ek Eckardt die netwerkkamer binne.* |
| **John het geweet Greg kan nie 'n uitdaging ignoreer nie en het hom dan telkens uitgedaag – wat Greg kwesbaar vir Eckardt se uitdagings maak.** | Dit maak Greg meer vatbaar vir Eckardt se manipulasie. | Bl. 78: *Maak toe die kamerdeur. Cyberspace se onderwêreld wag ...*<br>Bl. 199: *"Kan nie*? *Of wil nie*?" *Sy houding uitdagend. Tipies John soos wanneer hy vorendag gekom het met 'n nuwe extreme sport.*<br>Bl. 214: "Ek *het geweet jy is iemand wat hou van leef op die edge. Mense wat goed doen soos bungee jump het daardie tipe persoonlikheid. Toe moes ek jou net approach, nuuskierig maak oor die hacking. En jy het daarvoor geval, leer hack.* " |
| **John was toppresteerder in bykans alles – wat Greg se gevoel van ontoereikendheid verhoog.** | Greg voel minderwaardig./dat hy nooit goed genoeg sal wees nie./nooit sy skoene kan volstaan nie. | Bl. 66: 'n *Mens kry mos daardie tipe ouens wat goed is in alles wat hulle aanpak. John was so 'n ou. Skool, sport, noem dit maar op. Ek dink hy was op 'n manier my hero, maar ook my beste buddy.*<br>Bl. 98: "*My binnekant krimp sommer ineen. Ek weet my pa sou nie hiermee tevrede wees nie."*<br>Bl. 206*: Maar dan is daar ook die ander deel van my wat wonder of enigiets wat ek doen, goed genoeg gaan wees vir hom.* |

| | | |
|---|---|---|
| | | Bl. 207: *Moet ek sy liefde en aanvaarding koop met my prestasies? Sal ek John se skoene kan volstaan?* |
| **John se selfdood laat letsels in Greg se lewe – wat veroorsaak dat hy oorsensitief/manipuleer-baar is.** | Dit veroorsaak dat Greg meer sensitief is vir die moontlikheid dat sy vriende (Eckardt/Nicole) kan selfdood pleeg. | Bl. 66: *En nou is daar die rumours. Eckardt het selfmoord gepleeg. Dit voel soos 'n goor fliek wat jy alreeds gesien het. Hoekom sal dit weer gebeur?*<br>Bl. 159: "*Ek moet sommer iets ... iets doen dan sal hulle jammer wees." Die woorde stop my soos 'n vuishou in die maag. "Nicole ... wat bedoel jy?" "Niks." ... Ek voel skielik so magteloos.* |
| | John se dood veroorsaak dat Greg se pa nou van Greg verwag om aan al sy verwagtinge te voldoen. | Bl. 174: " ... *Toe John dood is, was dit asof ek kon sien hoe my pa se oë na my draai en sê: 'En nou's dit jou beurt, boetie!' "* |
| | Greg kry 'n emosionele knak. /mag nie oor John huil nie./sit met opgekropte emosies. | Bl. 66: *Ek sou enigiets vir hom doen. Maar John het niks van my gevra nie. Ek het gedink dit was omdat hy alles gehad het wat hy nodig het. Maar ek was verkeerd. Iets was steeds missing ... Die geskiedenis herhaal homself ... Hulle sê ook jy is op hierdie aarde om lesse te leer. En as jy dit die eerste keer nie leer nie, kom dit weer oor jou pad.*<br>Bl. 66: *Ek het nie gehuil toe John dood is nie. "Jy sal nie!" het my pa beveel, sy hele houding afgetrokke asof dit iemand anders se kind was wat dood is.*<br>Bl. 107: *Is dit hoe John gevoel het? In 'n hoek vasgekeer. Dalk is my pa reg, dalk is ek so sleg soos wat hy sê.*<br>Bl. 209: *Maar geen foto wat wys hoe broederskap deur die dood vlam nie; geen foto van die extreme sport van verlang nie.* |
| Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan. | | **[25]** |

## VRAAG 13: *ONDERWÊRELD* – KONTEKSTUELE VRAAG

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 13.1 | Eckardt vra vir Greg of hy besig is met pornografie./op 'n pornografiese webwerf/site is. ✓ | 1 |
| 13.2 | Nadat Greg teen Dok Pienaar gerebelleer het/geweier het om rugby te speel totdat daar na Eckardt gesoek word, (beveel sy pa hom om vir Dok om verskoning te gaan vra). ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 13.3.1 | Toe hy vir Tom as 'n ondergeskikte hanteer./vir Tom nie groet nie./vir Tom met minder respek hanteer as wat Eckardt hom behandel. ✓ | 1 |
| 13.3.2 | Nee<br>Greg, anders as John, breek die skoolreëls./skeep sy akademie af./kom nie sy hoofseunpligte na nie./Greg, anders as John, raak betrokke by kuberkraakbedrywighede./oortree die landswette./lieg vir die polisie./<br>Greg, anders as John, bring die skool se naam in oneer deur die skoolhoof se misdadige bedrywighede te ontmasker./<br>Greg, anders as John, raak vervreemd van sy vriende./isoleer homself sosiaal./<br>Hy, anders as John, breek los van sy pa se oorheersing.<br><br>**OF**<br><br>Ja<br>Greg het die adrenalienuitdaging van die kuberkrakery enduit gevoer./<br>Greg het, net soos John, teen die verwagtings van hul pa gerebelleer (net op verskillende wyses)./<br>Greg het, net soos John, koerantopskrifte gehaal met sy optrede./<br>Greg het, net soos John, nie sy matriekjaar by Lawson Kollege klaargemaak nie.✓✓✓<br><br>*Die kandidaat bied enige DRIE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 3 |
| 13.4 | Sy pa sou van hom verwag om stil te bly/saam met Dok Pienaar te werk nadat Eckardt verdwyn het./<br>Sy pa sou van hom verwag om nie die skool se naam/Dok Pienaar in 'n slegte lig te stel nie./<br>Die feit dat sy pa self ook deur sy optrede geïmpliseer word, is rede genoeg hoekom hy sou verwag dat Greg eerder stilbly oor wat hy ontdek het. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 13.5 | Eckardt wen Greg se vertroue deurdat hy dit laat lyk asof hy hom waarsku./ beskerm./<br>Eckardt prikkel Greg se nuuskierigheid om die fynere kunsies van kuberkraak te leer./<br>Eckardt wil die indruk skep dat Greg by hom veilig is./<br>Eckardt het ten doel om Greg sosiaal te manipuleer sodat hy uiteindelik die Project Nursery Rhyme korrupsie kan ontbloot./vir Dok Pienaar kan ontmasker. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br><br>**EN**<br><br>Eckardt laat dit lyk asof hy vir Greg waarsku teen mense met verkeerde agendas, terwyl hy die een is wat vir Greg teiken deur sosiale manipulasie. ✓<br><br>*Die kandidaat moet albei kante van die ironie vir EEN punt aanbied.*<br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1<br><br>1 |

| | | |
|---|---|---|
| 13.6 | Nuuskierigheid/avontuurlustigheid/Hy hou van uitdagings. ✓<br><br>*Die kandidaat kan die karaktereienskap ook omskryf.*<br><br>**EN**<br><br>Greg drink bier saam met Eckardt./<br>Greg rapporteer nie die bierdrinkery nie./begin reëls oortree./<br>Hy verwaarloos/benadeel sy pligte as hoofseun./<br>Greg skeep sy skoolwerk af./druip die eerste keer in sy lewe 'n Wiskundetoets./<br>Greg raak opgeslurp in die kuberkrakery/hacking/ondergrondse aktiwiteite./<br>Greg skeep sy vriende af./<br>Greg jok vir sy pa./<br>Greg mis sportoefeninge. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied enige TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 1<br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br>2 |
| 13.7.1 | Greg jok vir sy pa oor sy akademie./<br>Greg jok vir sy pa oor sy rugby./<br>Greg vervals sy (April-)rapport. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied enige TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| 13.7.2 | Greg se leuens sluit aan by die onderwêreld van bedrog./misdaad./valshede. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 13.8.1 | Eckardt word sonder sy pa groot./leer kuberkraak om wraak te neem./Eckardt se belewenis van vrees in sy ouerhuis lei daartoe dat hy 'n kuberkraker word./dat hy onder 'n skuilnaam leef. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 13.8.2 | John se selfdood, want as gevolg van die leemte wat sy dood gelaat het, val Greg vir die gedagte dat Eckardt die leemte vul./soos John is./hy eerlik met Eckardt kan wees./hy dieselfde adrenalienjunkie-gevoel saam met Eckardt ervaar./<br>Die Trappers se inisiasie, want daartydens het Eckardt se oë Greg aan John herinner./het Greg se siening van Eckardt verander. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 13.9.1 | Innerlike konflik ✓<br><br>**EN**<br><br>Hy weet dat hy skuldig aan 'n misdaad is,/hy aangekla kan word (van kuberkrakery), maar daarteenoor, as hy alles ontken, kan hy dalk tyd wen./kan die polisie hom dalk glo. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br>*Die kandidaat bied die twee kante van die konflik aan.* | 1<br><br><br><br>1 |

| | | |
|---|---|---|
| 13.9.2 | Ja<br>Eckardt is gevind./<br>Greg is bly dat Dok Pienaar aan die pen gaan ry./<br>Hy het die verspreiding van die griepepidemie gestuit.<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>Sy wroeging oor sy pa is nie opgelos nie./<br>Greg sal homself verwyt oor sy ma wat nou in 'n moeilike situasie/finansiële verknorsing gaan beland. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 13.9.3 | Eckardt word van die begin tot die einde deur haat/'n drang na vergelding gedryf./Eckardt se haat vir Greg en sy gesin kom in die slot van die drama steeds na vore./Die rede hoekom Eckardt na Lawson Kollege kom en waarom hy verdwyn en weer aan die einde verskyn, is presies dieselfde: vergelding. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 13.10 | Greg ✓<br><br>**EN**<br><br>Greg se wroeging/innerlike konflik word goed weergegee./is geloofwaardig. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1<br><br><br><br>1 |
| 13.11 | Onderwêreld van kuberkrakery/leuens/bedrog/geld/korrupsie ✓<br><br>**EN**<br><br>Die onderwêreld van geld is net so gevaarlik as wat enige kuberkraker/hacker kan doen./Geld skeur hulle gesin uitmekaar./<br>Hy besef dat hy nie so koeëlvas is soos wat hy gedink het nie./<br>Greg besef dat hy deur Eckardt gebruik/gemanipuleer is om Eckardt se wraakplan uit te voer./<br>Hy besef dat hy nooit sy pa geken het nie./hy nooit sou kon dink dat sy pa by iets so afgryslik betrokke kon raak nie./<br>Greg besef dat sy pa is nie so emosieloos is soos hy gedink het nie./<br>Greg besef dat geen persoon vertrou kan word nie./<br>Greg besef dat hyself verantwoordelikheid moet neem vir sy eie lewe./<br>Greg besluit hy gaan oor begin./<br>Greg besef Eckardt was nooit sy vriend nie./Eckardt het hom net misbruik./<br>Greg besef sy pa is korrup.✓<br><br>*Die kandidaat bied EEN soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1<br><br><br><br>1 |
| | | **[25]** |

**TOTAAL AFDELING B: 25**

**AFDELING C: DRAMA**

Beantwoord EEN vraag.

***KRISMIS VAN MAP JACOBS* – Adam Small**

**VRAAG 14: *KRISMIS VAN MAP JACOBS* – OPSTELVRAAG** K

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

**LET WEL:**

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

**ARGUMENTE WORD AANGEBIED EN ONDERSTEUN OF GEÏLLUSTREER DEUR NA DIE TEKS TE VERWYS.**

| **ARGUMENT** | **ONDERSTEUNENDE bewys OF aanhaling/parafrase** | |
|---|---|---|
| Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan. | | |
| **Aanvanklik is Map diep beswaard, omdat Blanchie hom nie meer besoek nie, maar in die tronk begin hy besef dat hy self die oorsaak van die verwydering is.** | Map is nie kwaad omdat Blanchie hom nie meer kom besoek nie; sy hoef ook nie vir hom bang te wees nie. Hy wil bloot hê sy moet weet dat hy verander het. | Bl.10: *En vra vir haar, kan sy nie weer kom visit nie, sê vir haar sy moenie bang wies nie, ek is 'n anner man, ...*<br>Bl. 10: *... ek het gesê ek is ... sorry, man ...* |
| **In die tronk ervaar Map visuele beelde van die lewe wat hy verloor het as 'n aanduiding van sy smagting na 'n herstelde lewe.** | Map se terugflitse wat hy in die tronk ervaar oor sy onskuldige dae bewys dat daar 'n hunkering by hom is na die goeie mens wat hy was. | Bl.15: *Johnnie ... Klink mooi, Johnnie ... Johnnie ... (Lag.)*<br>Bl.59: *Johnnie ... hy word nooit so nie, hy't nog ... nooit ... nog ... so ... Johnnie ... gekyk nie.* |
| **Map se bekering verander sy gesindheid: hy besef dat hy sy verkeerde dade en skuld moet bely.** | Map sê by herhaling vir sy ma dat hy jammer is, maar is nog nie gereed om "uit te praat", soos Apostel George voorstel nie./Map sien die lewe in 'n ander lig, aangesien hy met die hulp van Apostel George tot bekering kom. | Bl.10: *Ek en die Apostel, ons bid saam hierso binnekant, hý het die Here vir my gebring ...*<br>Bl.29: *... lat ek moet ytpraat, om die exact waarheid van daarie aand te vertel, net soes 'it was ...* |
| **Map se veranderde siening oor werk wys dat hy in die tronk ontwikkel.** | Waar hy voorheen kieskeurig oor werk is, kom hy in die tronk tot die oortuiging dat hy voortaan enige werk sal doen. | Bl.10/11: *... ek het gesê vir haar enige soort werk, 'it maak nie saak wat nie ... Dit maak nie saak nie ... Ek wil net daai kans hê, om te wys ... lat ek 'n annerste man is ...* |
| **Map, die tronkvoël, probeer by herhaling sy ma oortuig dat hy ten goede verander het.** | Hy sê by herhaling dat hy jammer is oor wat gebeur het, dat hy verander het onder die invloed van Apostel George. | Bl.28: *Missies Jacobs, die Here het jou seun aan jou teruggegee ... Die Here het vir hom gevat en vir hom verander!* |

| | | |
|---|---|---|
| **Map toon berou oor sy misdade as bendeleier./ besef hoeveel pyn sy dade as bendeleier sy geliefdes besorg het.** | Map gebruik nie meer sy omstandighede/soeke na 'n identiteit as verskoning nie, maar toon berou deur vir sy ma te sê dat hy jammer is oor alles wat gebeur het./maar hy vertel steeds nie ten aanhore van sy geliefdes die waarheid wat hom ten volle sal vrymaak nie. | Bl.9: *... Ek het vir Ma al gesê, ek is jammer oor dit alles ... Ek het ge-change hierso in die tronk in. Ma wiet self.* |
| **Map wil totaal met sy verlede/misdaad breek, alhoewel hy nog slegs teenoor Apostel George sy skuld bely.** | Map wil openlik praat oor wat presies daardie aand gebeur het, sodat hy finaal van sy gewelddadige agtergrond kan vrykom; hy moet nog net sy sonde teenoor sy ma en Blanchie bely. | Bl.29: *... lat ek moet ytpraat, om die exact waarheid van daarie aand te vertel, net soes 'it was ...* |
| **In die tronk kry die geharde Map dit reg om selfs vir Cavernelis te vergewe.** | Ten spyte daarvan dat Mister Cavernelis niks van Map gedink het nie, vergewe Map hom in die wete dat Cavernelis eintlik reg was./dat hy gewéét het dat Map karaktergebreke het. | Bl. 11: *Ek weet Uncle Cavernelis het nooit van my gehou nie, maar sê vir hom ek het ge-veranner ...*<br>Bl.11: *Ek het vir Uncle Cavernelis alles vergewe, sê vir hom ... Hy't later gedink ek is rubbish, ek wiet. Sê vir hom ek wás rubbish, Ma, maar ek is annerste!* |
| **Map besluit om nie terug te keer na sy ou lewe nie; hy wil graag 'n nuwe lewe begin.** | Map besef dat parool/vrylating vir hom 'n tweede kans bied as gevolg van God se genade./dat hy die geleentheid met albei hande moet aangryp! | Bl.10: *... Hy vat vir jou, vuil net soes wat jy is, en dan maak hy vir jou silwerskoon, Hy trek vir jou nuwe klere aan, wit klere, en jy kniel voor sy troon, en Hy gee vir jou sy genade!* |
| **Map besef dat hy, 'n moordenaar, nie die reg het om Blanchie te veroordeel nie.** | Map besef dat ook sy misdaad vergifnis nodig het. Hy kry dit reg om Blanchie vir die aborsie (wat sy laat doen het) te vergewe. | Bl.46: ... *jy sê vir my, wie is ekke om te mind, ek is soes niks, soes niks ... soes niks ...* |
| **Na sy vrylating is Map nie die vorige geharde, gewelddadige bendeleier nie, maar 'n huislike man wat by sy ma se huis bly./ vreedsaam met ander saamleef.** | Map word nie kwaad vir Tommy se stories nie, rook nie, laat hom nie uitlok nie, maar bly rustig in sy ma se huis. | Bl. 11: *Ek wil net daai kans hê, om te wys ... lat ek 'n annerste man is ... Ma ...* |
| **Hoewel Map steeds 'n gevangene van sy omstandighede is, ervaar hy dat hy vry is.** | Map se omstandighede in die township verander glad nie. Map is steeds vasgevang in die bose sirkel van armoede/werkloosheid van die township, maar besef hy is waarlik vry omdat hy bekeer is. | Bl.10: *Ek het nooit gewiet dit kan só wies nie. Die Here Jesus, Hy maak vir jou werklik vry.* |

| | | |
|---|---|---|
| **Map is nie negatief oor die toekoms nie, maar sien uit daarna.** | Map is oortuig dat hy voortaan enige werk gaan aanvaar, in plaas daarvan om (soos voorheen) kieskeurig te wees oor watter tipe werk hy wil doen. | Bl.10/11: *... ek het gesê vir haar enige soort werk, 'it maak nie saak wat nie ... Dit maak nie saak nie ... Ek wil net daai kans hê, om te wys ... lat ek 'n annerste man is ...* |
| **Map se optrede teenoor ander mense (na sy bekering) verskil radikaal van sy optrede toe hy 'n bendeleier was.** | Map vra en soek God se genade vir die verkeerde dinge wat hy gedoen het; hy maak en breek nie meer nie. | Bl.30: *So ek moet sê: Hier is ek, Map Jacobs, skullag is ek, Here, en laag en vuil en vieslik, veranner my, change my, Here! Lord, here am I ... Vat my, en maak moet my soes wat U wil!* |
| | Map laat hom nie uitlok as Tommy met skinderstories oor Blanchie by hom kom nie. | Bl. 42: *Daar was 'n rumoural, ma' ek moet sê dis nou maar net 'n rumour, lat Blanchie ... well ... 'n abortion gehad het ...*<br>*Map staar, stil.* |
| | Map skel nie meer die werkgewers wat hom nie 'n werk wil gee nie – hy bly stil./toon selfs begrip vir hulle reaksie. | Bl.45: *... maar dan bly ek stil ... banggat wat ek is, dan bly ek stil.* |
| **In plaas daarvan om antwoorde van Blanchie te eis, beskryf Map homself as sleg en bely dan sy sondeskuld teenoor Blanchie.** | Map ondersteun vir Blanchie in haar grootste ellende, terwyl hy sy eie sonde en skuld teenoor haar bely./haar vergifnis vra. | Bl.59: *Johnnie ... hy word nooit so nie, hy't nog ... nooit ... nog ... so ... Johnnie ... gekyk nie* |
| **Wanneer Map aan die einde van die drama alles teenoor sy ma bely en sy hom vergewe, word hy eers werklik vry, want sy positiewe karakterontwikkeling word so beloon.** | Map se ma kan weer praat as bewys dat sy vir Map/Johnnie vergewe nadat hy sy skuld bely./bewys dat hy 'n veranderde mens is. | Bl. 11: *... Dit maak nie saak nie ... Ek wil net daai kans hê, om te wys ... lat ek 'n annerste man is ...* |
| Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan. | | |

**[25]**

## VRAAG 15: *KRISMIS VAN MAP JACOBS* – KONTEKSTUELE VRAAG

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 15.1 | Maud verwys na Cavernelis se strewe om uit die township weg te trek./na 'n ander/beter blyplek/omgewing te verhuis./na die feit dat haar man so hard werk om ekstra geld te in (sodat hulle kan wegtrek). ✓ | 1 |
| 15.2 | Dit is karakteropenbarend./karakteriserend.<br>Dit gee die leser meer kennis/agtergrondinligting met betrekking tot Cavernelis. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 15.3 | Ja<br>Ahoewel Cavernelis se obsessie ten doel het om hulle omstandighede te verbeter, veroorsaak dit dat Blanchie 'n prostituut word./<br>Alhoewel Cavernelis sy bes probeer om hulle omstandighede te verbeter, kry Blanchie nie die modelkontrak nie./<br>Alhoewel Cavernelis se obsessie 'n poging is om ook Blanchie se omstandighede te verbeter, vervreem dit hom juis van Blanchie./<br>Alhoewel Cavernelis se obsessie ten doel het om hulle as gesin se omstandighede te verbeter, lei dit tot sy selfdood./dat Blanchie en Maud slegter af is. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.*<br>*Die kandidaat bied albei kante van die ironiese gevolg vir EEN punt aan.*<br>*Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.* | 2 |
| 15.4 | Die gemeenskap ly as gevolg van armoede/werkloosheid.✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br><br>**EN**<br><br>Dit skep begrip/simpatie by die leser dat die township soos 'n tronk is wat die inwoners gevange hou./dat hulle in armoede leef./dat daar 'n rede is waarom Map hom tot bendegeweld wend./hulle simpatie met Map moet hê./hulle moet besef in dié township is daar vir die inwoners nie hoop op iets beters nie. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1<br><br><br><br>1 |
| 15.5 | Hulle voel ontuis tussen die mense van die township./<br>Cavernelis kom van die Boland af wat hom in 'n ander klas plaas./Hulle verlang terug na die Boland./<br>Hulle wil in 'n beter/veiliger woonbuurt woon. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.*<br><br>**EN**<br><br>Hy hou nie rekening daarmee dat sy planne om die township te verlaat, kan skeefloop nie./eerder sy gesin in groter ellende kan dompel nie./Cavernelis laat toe dat Blanchie as prostituut by die salon werk in 'n poging om geld te verdien. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 2<br><br><br><br>1 |

| | | |
|---|---|---|
| 15.6 | Maud praat hier positief/vleiend/waarderend van Cavernelis, terwyl sy in die laaste gesprek verwytend/beskuldigend is. ✓<br><br>*Die kandidaat bied albei kante van die verskil vir EEN punt aan.*<br><br>**EN**<br><br>Maud en Blanchie het 'n uitval oor die modelkontrak wat daartoe lei dat Blanchie haar pa/Cavernelis beskuldig./Hulle is verpletter/ontnugter omdat Blanchie nie die modelkontrak gekry het nie./Hulle haal hulle frustrasies op mekaar uit omdat Blanchie nie die modelkontrak gekry het nie. ✓ | 1<br><br><br><br><br><br>1 |
| 15.7 | Dat hy nie gaan slaag om na 'n ander plek te verhuis nie./genoeg geld gaan maak om te kan trek nie./sy droom nie sal realiseer nie./dit nie moontlik is om hulle omstandighede te verbeter nie. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 15.8 | **Woorde**: Hy is realisties./objektief./pessimisties./sinies./negatief./moedeloos. ✓<br>**Handeling**: Hy is 'n kstrovert./dramaties./teatraal./demonstratief./selfversekerd. ✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE karaktereienskappe vir EEN punt elk aan.*<br>*Die kandidaat kan die karaktertrek omskryf.* | 2 |
| 15.9 | Map se vrylating is die snelleraksie wat alle spanning veroorsaak./<br>Spanning neem toe wanneer dit blyk dat Map vroeër/na slegs sewe jaar in die tronk op parool vrygelaat word./<br>Die inligting oor sy vrylating veroorsaak allerhande spekulasies./dat mense wonder hoe hy gaan optree ná sy vrylating./<br>Die karakters begin mekaar bang praat oor hoe Map gaan maak en breek. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 15.10.1 | Cavernelis is van nature nie 'n prater/kommunikeerder nie./<br>Hy wil eintlik glad nie met La Guma in 'n gesprek betrokke raak nie./<br>Hy is bedag daarop dat La Guma hom probeer uitlok./<br>Hy is gewoond daaraan dat die gemeenskap met hom skoorsoek./<br>Cavernelis hou nie van Map nie./wil nie oor hom praat nie./<br>Cavernelis wil homself nie tot op La Guma se vlak verlaag nie. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 15.10.2 | La Guma wil reaksie by Cavernelis uitlok./<br>La Guma wil inligting oor die storie inwin om te versprei./te gaan skinder. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 15.10.3 | Ja<br>Die feit dat hy teen die einde van die drama weer Johnnie word, dui daarop dat sy bekering afgehandel is./hy nie terugval in verkeerde weë/dade nie./dat hy sy bekering uitleef. ✓<br><br>**EN**<br><br>Sy konflik is opgelos./afgehandel./<br>Hy is 'n ander/nuwe mens wat sy skuld bely het./vergifnis ontvang het./is weer die ou Johnnie wat lief en dierbaar was./is. ✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.*<br>*Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.* | 1<br><br><br><br>1 |

| | | |
|---|---|---|
| 15.11 | Toneelaanwysings/Neweteks ✓<br><br>**EN**<br><br>In reël 14 bevat die neweteks inligting wat vir Cavernelis aandui dat hy moet swyg./nie moet praat nie.✓<br><br>**EN**<br><br>In reël 19 suggereer die neweteks dat Blanchie van bo af kyk./sy haarself distansieer van die mense in die omgewing./<br>Die toneelaanwysings in reël 19 gee vir Blanchie inligting wanneer/hoe sy op die verhoog moet verskyn. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir beide die reëlverwysings vir EEN punt elk aan.* | 1<br><br>1<br><br>1 |
| 15.12.1 | Ja<br>Nie een van die twee spreek die hoop uit dat dit ooit met hulle beter sal gaan nie./Albei is van mening dat hulle nie hulle omstandighede kan ontsnap nie./ vasgevang is in 'n bose kringloop in die township. ✓<br><br>*Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.* | 1 |
| 15.12.2 | Kontrasterende woorde/die gebruik van "but"/"kamma"/kragwoorde/tronk as metafoor /Die township is soos 'n tronk waaruit hulle nie kan ontsnap nie – dit sluit aan by die tema van vagevangenheid.✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 15.12.3 | Hy kry nie werk nie (ten spyte van verwysings/Miss Afica)./Hy bly in sy ellende vasgevang./<br>Die orkes wil hom nie as orkeslid terugneem nie./Hy bly in die gemeenskap 'n randfiguur./buitestander. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| | | **[25]** |

## VRAAG 16: *MIS* – Reza de Wet – OPSTELVRAAG

K

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

**LET WEL:**

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

**ARGUMENTE WORD AANGEBIED EN ONDERSTEUN OF GEÏLLUSTREER DEUR NA DIE TEKS TE VERWYS.**

| ARGUMENT | ONDERSTEUNENDE bewys OF aanhaling/parafrase | |
|---|---|---|
| Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan. | | |
| **Meisie verkry selfvertroue.** | Meisie word voorgestel as 'n onderdrukte jongmens met geboë skouers, maar met Konstabel se koms verkry sy stelselmatig genoeg selfvertroue om byvoorbeeld op die ritme van haar naam in die vertrek te sing-praat. | Bl. 5: *Sit regop! Hoeveel keer moet ek dit nog sê? As jy 'n man wil hê, moet jy let op jou postuur.*<br>Bl. 28: *MEISIE: Johanna. (Lag skaam. Staan op en beweeg na die venster terwyl sy sing-praat) Margareta, Johanna, Margareta, Johanna,* |
| **Meisie begin toenemend haar ma teëgaan.** | Die feit dat sy al hoe meer by die venster na die sirkusliggies kyk na Konstabel se koms, versterk die gedagte dat sy meer begin waag om haar ma teë te gaan wanneer daar nog mense by hulle is. | Bl. 24: *Kom weg daar by die venster!*<br>Bl. 28: *Meisie (besig om te loer. Opgewonde) Hier, by die venster. Ek kyk na die groot tent en al die liggies!* |
| | Hierdie gedagte dat sy toenemend haar ma probeer teëgaan, kom ook na vore as Miem haar buitentoe wil stuur of haar aan Konstabel opveil. | Bl. 18: *MIEM: Vat die sakke wat klaar is en stapel hulle op die sakke wat buite lê.*<br>*MEISIE: Maar ek maak vir die konstabel koffie.*<br>Bl. 25*: MEISIE: (ongemaklik) Ma ...* |
| **Meisie begin oor verbode onderwerpe met Konstabel praat teen haar ma se wense in.** | Alhoewel sy weet dat sy nie eens oor die sirkus mag praat nie, kry Konstabel dit reg dat sy vir hom van haar besoek aan die sirkus vertel. | Bl. 28: *MEISIE: Nee! Ek mag nie daaroor praat nie. Ek mag nie daaraan dink nie. Om te dink is om te doen.*<br>Bl. 28: *MEISIE: Nou goed, ek sal vir u vertel en dan sal ek daarvan vergeet.* |
| **Meisie begin toenemend doen wat Konstabel van haar vra.** | Sy vertrou Konstabel daarmee dat sy van die sirkus hou. Haar verskyning in haar wit aannemingsrok en kaalvoete om 'n man te ontmoet, nadat haar ma reeds gaan slaap, is lynreg teen wat haar ma van haar sou verwag. | Bl. 28: *MEISIE: Moet tog nie vir my ma sê nie, asseblief.*<br>Bl. 50: *MEISIE: Ek het gehoor hulle gaan slaap. Toe kom ek maar. Jy het gesê my aannemingsrok.* |

| | | |
|---|---|---|
| **Meisie vertrou Konstabel al hoe meer met haar diepste/ geheime emosies.** | Sy noem aan Konstabel dat sy innerlike konflik oor haar huislike omstandighede beleef, al sê sy dit nie. Meisie noem aan Konstabel hoe moeilik haar lewe is met vlieë wat orals is,/al die baie huiswerk,/hoe sy die vlieë en haar omstandighede haat, met ander woorde sy raak al hoe eerliker oor hoe sy werklik voel./toon al hoe sterker emosies in Konstabel se geselskap. | Bl. 27: *MEISIE: Ja. Ek kry my werk nooit klaar nie. Elke dag is als vol stof. Die mure is dun en vol krake. En als wat buite is, kom in. Ek vee en stof, vee en stof, maar dit help nie. En elke dag moet ek was en stryk want ons klere ruik na mis. En die venster ... (byna huilend) Want ... die vlieë los mispatrone op die ruite ...* |
| **'n Aanvanklik onseker Meisie begin al hoe meer spontaan kommunikeer.** | Sy smag na die vryheid van 'n jongmenslewe en geluk, maar waag nie om dit aan haar ma te erken nie. Sy erken aan Konstabel dat sy na jongmens-geselskap hunker en vertel hom van die een keer dat Danie Venter vir haar kom kuier het. Sy bewys so dat sy al hoe gemakliker met vreemde mense begin kommunikeer en vir Konstabel met al hoe meer persoonlike inligting vertrou. | Bl. 26: *KONSTABEL: Werklik, Juffrou? Kry u nie besoekers nie?*<br>*MEISIE: Nie eintlik nie.*<br>Bl. 26: *MEISIE: ... en dis hoekom ... niemand wil kom kuier nie. Dit ruik so aaklig ... Laas jaar het Danie Venter kom kuier. Een Sondag ...* |
| | Meisie is skaam en terug-getrokke omdat sy so afge-sonderd bly. Waar sy aan-vanklik aan Konstabel noem dat sy nie weet wat om te sê nie, omdat hulle nie juis besoekers ontvang nie, raak sy al hoe spontaner onder sy aansporing sodat sy hom selfs begin "jy" en "jou" in plaas van die formele "u" en selfs begin uitvra oor of hy byvoorbeeld ook al die sirkus gesien het. | Bl. 26: *MEISIE: Ek weet nie wat om te sê nie. Ek is nie gewoond aan mense nie.*<br>Bl. 28: *MEISIE: (opgewonde) Het u dit al gesien?*<br>Bl. 38: *MEISIE: Dankie. As dit vol is, is dit baie swaar. As jy een kant vat, kom vat ek die ander kant.*<br>*KONSTABEL: Dis goed so.*<br>*MEISIE: (bly) En as ons baie gesels, dan hoef ons nie die musiek te hoor nie.* |

| | | |
|---|---|---|
| **Waar Meisie aanvanklik gespanne was in Konstabel se geselskap, ontspan sy stelselmatig onder sy aanraking.** | Meisie is so ongewoond aan manlike geselskap dat sy aanvanklik verstyf onder Konstabel se aanraking wanneer hy voel hoe sy lyk. Stelselmatig ontspan sy egter onder sy verkenning van haar gesig en nek en word dit selfs vir haar lekker. Dit lei daartoe dat sy selfs buite, onder die perskeboom, met Konstabel kan staan en gesels nadat hulle die slopemmer gaan uitgooi het. | Bl. 37: *Met my vingers, Juffrou. Met my vingers.*<br>Bl. 38: *Meisie maak haar oë toe en gooi haar kop effens agteroor.*<br>*Bl. 38: Konstabel raak saggies aan ... Sy hande gly by haar nek af.*<br>Bl. 51: *Die KONSTABEL sit sy hande om haar middel. Sy verstar. Hy draai haar stadig om na hom. Sy laat haar arms sak. Die KONSTABEL neem haar gesig tussen sy hande en kyk na haar. MEISIE beweeg haar kop stadig van kant tot kant.* |
| **Meisie ontwikkel 'n gevoel van eiewaarde.** | Omdat Meisie net as "Meisie" bekend staan en al die werk moet doen, het sy geen gevoel van eiewaarde nie. Sy is dus verbaas as die Konstabel na haar verwys as 'n "mooi jongdame" en verkry stelselmatig 'n eie identiteit as sy die waarde van haar eie name besef. Sy vra verbaas of sy mooi is nadat hy haar gekomplimenteer het. Die herhaling van haar name dui op die begin van 'n proses van selfontdekking en ontwaking, wat uiteindelik tot haar ontvlugting in die slot lei. | Bl. 27: *KONSTABEL: (met innige meegevoel) Ek is jammer, Juffrou.*<br>Bl. 27: *Niemand het my nog so genoem nie.*<br>Bl. 27: *Jy't 'n mooi naam, Margareta.*<br>Bl. 50: *KONSTABEL: Ja, en ek is bly ek kan sien, want nou kan ek vir jou sien. En jy is baie mooi.*<br>MEISIE: *(verwonderd) Is ek?* |
| **In die slot van die drama bereik Meisie se karakterontwikkeling 'n hoogtepunt wanneer sy soos 'n vlinder na buite dans.** | Onder Konstabel se subtiele aansporing skud Meisie haar onderdanigheid af oor die sirkusmusiek waarna sy nie mag luister nie en sy word 'n selfversekerde, jong dame. | Bl. 51: *... (druk haar hande oor haar ore) Die musiek is so hard. Ek mag dit nie hoor nie. Die KONSTABEL sit sy hande om haar middel. Sy verstar.*<br>Bl. 51*: Terwyl sy na hom kyk, haal sy haar hande van haar ore af en laat haar arms sak. Sy beweeg haar kop effens op maat van die musiek. Dan begin sy fyn danspassies uitvoer.*<br>Bl. 51 en 52: *Sy dans na die agterdeur. Voordat sy oor die drumpel dans, staan sy stil en kyk om na die Konstabel.* |

| | |
|---|---|
| Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan. | **[25]** |

**VRAAG 17: *MIS* – Reza de Wet – KONTEKSTUELE VRAAG**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 17.1 | Die meisies/Rienie en Sannie se verdwyning/die sirkus/mense wat nie die sirkus as 'n bedreiging beskou nie ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 17.2 | Dit is karakteropenbarend./karakteriserend/<br>Dit beklemtoon/gee belangrike inligting oor die geweld/gevaar buite die huis./die milieu.<br>Haar dialoog dra by tot spanning./vestig die aandag op die moontlikheid dat die sirkusmense deel van die gevaar is. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 17.3 | Ja<br>Alhoewel Miem dink sy is weerbaar, omdat sy bewus is van die rondlopers en kwaaddoeners, word sy juis 'n slagoffer van die gevaar deurdat sy deur Konstabel/die gevaar mislei word./<br>Alhoewel Miem dink sy beskerm hulle/Meisie teen die gevaar, lewer sy hulle/haar juis aan die gevaar uit deur die Konstabel in te nooi en sy haar dogter verloor.<br>Alhoewel sy belowe om die hele nag oor Meisie te waak, gaan slaap sy en los haar kind by die gevaar/rondloper wat daartoe lei dat sy haar dogter verloor./<br>Alhoewel Miem bewus is van die gevaar, lig sy nie vir Meisie ten volle daaroor in nie,/skep sy die geleentheid dat Meisie en Konstabel planne kan maak, wat daartoe lei dat sy haar dogter verloor. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied albei kante van die ironiese gevolg vir EEN punt aan.*<br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.*<br>*Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.* | 2 |
| 17.4.1 | Gertie gril. ✓ | 1 |
| 17.4.2 | "verbouereerd" ✓ | 1 |
| 17.5.1 | Reëls 10 tot 12:<br>Veroordelend/afkeurend/berispend/verwytend/beskuldigend/nuuskierig/baas-spelerig ✓<br><br>**EN**<br><br>Reël 21: Dominerend/beterweterig/selfgeldend/kwaai/venynig/verwytend ✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke verskillende karaktereienskappe vir EEN punt elk aan.*<br>*Die kandidaat kan die karaktereienskap omskryf.* | 1<br><br>1 |
| 17.5.2 | Miem probeer Meisie tot gehoorsaamheid dwing./<br>Miem wil Meisie manipuleer om alles te glo/te doen waarin Miem glo./wat Miem doen./<br>Miem beheer/domineer Meisie met emosionele afpersing op hierdie manier./<br>Sy wil hê Meisie moet, soos sy, die vryheid/opwinding/eksotiese buite die huis vrees. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 17.6 | Konstabel se koms is die snelleraksie wat alle spanning laat begin./<br>Konstabel se koms laat die leser by voorbaat vermoed dat Konstabel die vroue met 'n slap riem gaan vang./wonder hoe die man sy plan gaan deurvoer./<br>Konstabel se voorkoms laat die leser onmiddellik besef dat hy nie is wat hy voorgee om te wees nie./<br>Die vreemde man se naam (Van der Riet) suggereer dat hy moeilikheid bring./<br>Die karakters se misleiding begin met die koms van Konstabel./<br>Konstabel se koms aktiveer Meisie se behoefte aan Meisie se bevryding. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 17.7.1 | Meisie word nie as mens/individu gereken nie./het nie waarde as mens nie. ✓<br>Sy het geen eie identiteit nie./Dit maak haar universeel/veralgemeen haar as slagoffer. ✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| 17.7.2 | Sy is ontvanklik vir Konstabel se vleitaal./beïnvloeding./<br>Sy ontwikkel 'n identiteit wanneer hy haar as "Juffrou"/op haar naam aanspreek./<br>Sy smag daarna om iets/iemand te wees wat lei tot haar besluit om saam met die verkeerde man te verdwyn./Sy vertrou die eerste mens wat haar met respek behandel./na haar luister./haar menings ag./<br>Sy voel ontevrede/gefrustreerd met haar situasie wat haar drang na vryheid aanvuur./Sy kom in opstand teen haar ma./haar omstandighede./<br>Sy is nie emosioneel paraat om gevaar te identifiseer nie. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| 17.8 | Meisie verwys na die (sirkus-)musiek. ✓<br><br>**EN**<br><br>Die sirkus is vir Miem die bose wat besweer moet word./hou vir Meisie bevryding in. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1<br><br><br><br>1 |
| 17.9 | Die gesin ly as gevolg van armoede./'n afwesige broodwinner./vaderfiguur./<br>Die drama speel af in die tyd van die Depressie./na die Depressie./Dit is 1936 toe die wêreld se ekonomieë in duie gestort het. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br><br>**EN**<br><br>Dit berei die leser voor op Meisie se behoefte aan/versugting na vryheid./opwinding./'n ander lewe./bevryding.<br>Dit gee by voorbaat vir die leser die wete dat die vroue alleen in die huis/'n sagte teiken is./<br>Dit skep simpatie vir Meisie/Miem se leefwyse./Meisie se strewe na bevryding.✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoorde vir EEN punt aan.* | 1<br><br><br><br><br><br>1 |

| | | |
|---|---|---|
| 17.10 | Toneelaanwysings/Neweteks ✓<br><br>**EN**<br><br>In reël 11 versterk die neweteks die gevaar./onheil./die mistroostigheid./dra die neweteks by tot die spanning. ✓<br><br>**EN**<br><br>Reël 22 se neweteks suggereer Miem se tweeledige persoonlikheid./dat Miem nie nét innemend/aangenaam kan wees (wanneer dit haar pas) nie./dat sy driftig kan raak./dat die saak van die verdwynende meisies vir haar 'n groot kommer is./dui aan hoe Miem op die verhoog moet optree./dra by tot Miem se karakterisering. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1<br><br>1<br><br>1 |
| 17.11 | Sy stille teenwoordigheid dra by tot stygende spanning./bewustheid van die gevaar./<br>Hy wil juis nie praat nie, maar eerder luister/al die moontlike inligting inneem sodat hy sy plan kan deurvoer./Hy kyk eers die kat uit die boom./<br>Deur stil te bly, gee hy hoflikheid/bedagsaamheid/dissipline voor./<br>Konstabel se stilswye versterk die gedagte dat hulle in beheer is./alleswetend is. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 17.12.1 | Nee<br>In reël 20 van Teks K is Meisie opstandig,/gaan Meisie haar ma teë,/verskil Meisie van haar ma, maar in reël 17 van Teks L is sy bang./afhanklik van haar ma. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br>*Die kandidaat kan nie 'n JA-antwoord aanbied nie.*<br>*Die kandidaat moet na albei reëls in sy/haar antwoord verwys.* | 1 |
| 17.12.2 | Ja<br>Omdat Konstabel instemmend/simpatiek na haar luister,/vir haar identiteit gee, is sy bereid om haar ma openlik teë te gaan./haar eie keuses te maak. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br>*Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.*<br><br>**EN**<br><br>Ja<br>Wanneer sy by die agterdeur uitfladder, kies sy om haar ma se reëls te verontagsaam/die vryheid buite die huis op te soek/saam met Konstabel die lewe te ervaar al het haar ma so iets verbied./<br>Hoewel sy aanvanklik nog 'n bietjie probeer walgooi, is haar finale fladderende dans 'n bewys dat haar innerlike stryd verby is./sy nie meer gehoorsaam wíl wees nie./sy haar nie langer gaan laat voorskryf/manipuleer nie.<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>Dit is 'n misleidende/kortstondige vryheid, want sy kan met haar lewe daarvoor boet./finaal verdwyn. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1<br><br>1 |
| | | **[25]** |

**TOTAAL AFDELING C: 25**
**GROOTTOTAAL: 80**

## AFDELING A: ASSESSERINGSRUBRIEK VIR OPSTELVRAAG – HUISTAAL: POËSIE [10 PUNTE]

| Kriteria | Uitsonderlik | Knap | Gemiddeld | Elementêr | Onvoldoende |
|---|---|---|---|---|---|
| **INHOUD** | **5 – 6** | **4** | **3** | **2** | **0 – 1** |
| **Interpretasie van onderwerp**<br>**Diepte van argument, verantwoordbaarheid en insig in teks**<br><br>**6 PUNTE** | Diepgaande interpretasie van onderwerp | Toon begrip van die onderwerp en het die onderwerp goed geïnterpreteer | Redelike interpretasie van die onderwerp | Onbevredigende interpretasie van die onderwerp | Geen begrip van die onderwerp nie |
| | Reeks treffende argumente wat behoorlik uit die gedig gerugsteun is | Respons redelik gedetailleerd Enkele deeglike argumente gegee, maar nie almal ewe goed gemotiveer nie | Enkele goeie punte ter ondersteuning van die onderwerp<br>Enkele argumente word ondersteun, maar bewyse nie altyd oortuigend nie | Byna geen punte wat die onderwerp ondersteun nie | Geen verwysing na die gedig nie |
| | Uitstekende begrip van die genre en gedig | Begrip van genre en gedig duidelik | Basiese begrip van genre en gedig | Onvoldoende begrip van genre en gedig | Leerder het nie die genre en gedig onder die knie nie |
| **STRUKTUUR & TAAL** | **4** | **3** | **2** | **1** | **0–1** |
| **Struktuur, logiese vloei en aanbieding**<br>**Taalgebruik, toon en styl gebruik in opstel**<br><br>**4 PUNTE** | Samehangende struktuur | Duidelike struktuur en logiese vloei van argument | Enkele bewyse van struktuur | Struktuur toon tekens van swak beplanning | Struktuur swak |
| | Argumente goed gestruktureer en daar is duidelike ontwikkeling | Vloei van argumente kan gevolg word | 'n Goed gestruktureerde logiese vloei en same hang ontbreek in die opstel | Argumente nie logies gerangskik nie | |
| | Taalgebruik, toon en styl is volwasse, dit beïndruk en is korrek | Taalgebruik, grootliks korrek | Geringe taalfoute | Taalfoute beduidend | Ernstige taalfoute |
| | Grammatika, spelling en punktuasie feitlik foutvry | Toon en styl is grootliks korrek | Toon en styl meestal gepas | Toon en styl nie geskik nie | Foutiewe styl |

**AFDELING B EN C: ASSESSERINGSRUBRIEK VIR OPSTELVRAAG – HUISTAAL: ROMAN EN DRAMA [25 PUNTE]**

| Kriteria | Uitsonderlik | Knap | Gemiddeld | Elementêr | Onvoldoende |
|---|---|---|---|---|---|
| **INHOUD** | **12 – 15** | **9 – 11** | **6 – 8** | **4 – 5** | **0 – 3** |
| **Interpretasie van onderwerp**<br>**Diepte van argument, verantwoordbaarheid en insig in teks**<br><br>**15 PUNTE** | Diepgaande interpretasie van onderwerp | Toon begrip van die onderwerp en het die onderwerp goed geïnterpreteer | Redelike interpretasie van die onderwerp; nie alle aspekte in detail ondersoek nie | Onbevredigende interpretasie van die onderwerp: byna geen aspekte in detail ondersoek nie | Geen begrip van die onderwerp nie |
| | Uitsonderlike respons: 14–15<br>Uitstekende respons: 12–13 | Respons redelik gedetailleerd | Enkele goeie punte ter ondersteuning van die onderwerp | Min punte wat die onderwerp ondersteun | Swak poging om die vraag te beantwoord |
| | Reeks treffende argumente wat behoorlik uit die roman/drama gerugsteun is | Enkele deeglike argumente gegee, maar nie almal ewe goed gemotiveer nie | Enkele argumente word ondersteun, maar bewyse nie altyd oortuigend nie | Baie min relevante argumente | Argumente oortuig nie |
| | Uitstekende begrip van die teks en genre | Begrip van teks en genre duidelik | Basiese begrip van teks en genre | Weinig begrip van teks en genre | Leerder het nie die teks/ genre onder die knie nie |
| **STRUKTUUR & TAAL** | **8 – 10** | **6 – 7** | **4 – 5** | **2 – 3** | **0 – 1** |
| **Struktuur, logiese vloei en aanbieding**<br>**Taalgebruik, toon en styl gebruik in opstel**<br><br>**10 PUNTE** | Samehangende struktuur | Duidelike struktuur | Enkele bewyse van struktuur | Struktuur toon tekens van swak beplanning | Gebrek aan beplande struktuur belemmer vloei van argumente |
| | Argumente goed gestruktureer en daar is duidelike ontwikkeling | Logiese vloei van argument | Logika en samehang is duidelik, maar met foute | Argumente nie logies gerangskik nie | Taalfoute en foutiewe styl laat hierdie skryfstuk misluk |
| | Uitstekende inleiding en slot | Inleiding, slot en ander paragrawe samehang-end georganiseer | Paragrafering meestal korrek | Paragrafering foutief | Paragrafering foutief |
| | Taalgebruik, toon en styl is volwasse, dit beïndruk en is korrek | Taalgebruik, toon en styl is grootliks korrek | Enkele taalfoute; toon en styl meestal gepas | Taalfoute beduidend<br>Toon en styl nie geskik nie | Styl en toon nie geskik nie |
| **VERSPREIDING VAN PUNTE** | **20 – 25** | **15 – 19** | **10 – 14** | **5 – 9** | **0 – 4** |

Kopiereg voorbehou